

Cape Librarian

July/August 2015 | Volume 59 | No. 4

Kaapse Bibliotekaris

Grown-up relationships are complicated. We got what we need from each other. For a safety net. Some solace. It's lonely out there. But it rains, of course. It was love while it lasted. Everything is finite. Love. All this happiness too. Although it's harder to let go of than happiness.



Western Cape
Government

Cultural Affairs and Sport

BETTER TOGETHER.

Western Cape
Library Service



contents | inhoud

FEATURES | ARTIKELS

Western Cape Library Service
From the very beginning ... 1955-2015 9

Stefan Wehmeyer

60 years of the Library Service — *we remember* 18

Compiled by Grizéll Azar-Luxton

Cape Librarian ... 60 years on 27

Grizéll Azar-Luxton

COLUMNS | RUBRIEKE

BOOK WORLD | BOEKWÊRELD

The shelves are alive at Verbatim Books 46

Dante Scriba

A war to remember — 1914-1918: a centennial memorial 48

Erich Buchhaus

Book Reviews | Boekresensies 52

Compiled by Book Selectors / Saamgestel deur Boekkeurders

SPOTLIGHT ON SN | KOLLIG OP SN

Lighthouses 59

Dalena le Roux

THE WORK ROOM | DIE WERKKAMER

Begin 'n leeskring 61

Rachel Williams

RESEARCH | NAVORSING

RSS feeds — they are really simple and useful 62

Helga Fraser

THE LAST WORD | DIE LAASTE WOORD

Hier is die jong Afrikaanse digters! 64

Daniel Hugo

NEWS | NUUS

between the lines / tussen die lyne	2
people / mense	4
libraries / biblioteke	4
books and authors / skrywers en boeke	5
literary awards / literêre toekennings	6
miscellany / allerlei	7
about authors / skrywersdinge	7
40 years ...	8

COVER | VOORBLAD

Lauren Beukes, winner of several awards such as the Arthur C Clarke Award, the World Fantasy Award for Best Novel, and the Nielson's Booksellers Choice Award. She also boasts an illustrious journalistic career.

Lauren Beukes, wenner verskeie toekennings soos die Arthur C Clarke Award, die World Fantasy Award for Best Novel, en die Nielson's Booksellers Choice Award. Haar joernalistieke loopbaan spreek ook boekdele.

In my wildest dreams, I never thought that I will one day write the editorial for the *Cape Librarian*. This experience is so surreal and exciting for me, it feels like waking up on Christmas morning.

I first came across the *Cape Librarian* as a student in the 1970s and I have been an avid reader of the magazine for over 30 years. Through the years, the magazine has never disappointed me and I am sure that regular readers will agree with me that there is always something that will grab your attention whilst reading it. Maybe it is a review of a new book, a news item, tips on displays or a more serious article on library and information science.

In preparation for the 60th birthday celebrations of the Library Service, many of us realised what an important role the *Cape Librarian* has played throughout the years. Over the 60-year period, through the news, articles, reviews and photographs, the magazine was slowly and meticulously plotting the history of first, the Cape Provincial Library Service and since 1994, the Western Cape Library Service. 'Check the *Cape Librarian*' became a refrain during the production of the historical displays that will be showcased during the official celebrations this year.

As we celebrate the 60th birthday of the Library Service, I hope that our readers will appreciate the efforts of the editor, the editorial team and the contributors in producing this special edition of the *Cape Librarian*.

Tessa Caroline
Deputy Director: Central Organisation, Western Cape Library Service

Wie in my wildste drome sou ek ooit kon dink dat ek eendag die redaksionele bydrae vir die *Kaapse Bibliotekaris* sal skryf nie. Dit is so 'n surrealistiese ervaring, dit is amper soos om op Kersoggend wakker te word.

My eerste kennisname met die *Kaapse Bibliotekaris* was in die sewentiger jare as student en vir die daaropvolgende 30 jaar is ek steeds 'n getroue leser van die tydskrif. Deur al die jare heen is ek nooit teleurgestel nie. Ek dink gereelde lesers sal met my saamstem dat daar altyd iets in die tydskrif is wat 'n mens se aandag trek. Dalk is dit 'n boekresensie, 'n nuusberig, uitstalwenke of 'n professionele artikel oor biblioteek- en inligtingdienste.

Tydens die voorbereidings vir die 60ste herdenking van die Biblioteekdiens, het talle van ons besef watter belangrike rol die *Kaapse Bibliotekaris* deur die jare gespeel het. Vir 'n tydperk van 60 jaar het die tydskrif stadig maar seker die geskiedenis van eerstens die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, en na 1994, die Wes-Kaapse Biblioteekdiens deur middel van nuusberigte, artikels, resensies en foto's op papier vasgelê.

'Kyk in die *Kaapse Bibliotekaris*' is gereeld gehoor tydens die samestelling van die historiese fotoversameling wat tydens die verjaardagviering onthul sal word.

Terwyl ons almal die 60ste verjaardag van die Biblioteekdiens vier vertrou ek dat ons lesers erkenning sal gee aan die toegewydheid van die redakteur, die redaksionele span en bydraers om hierdie spesiale uitgawe van die tydskrif te publiseer.

Tessa Caroline
Adjunkdirekteur: Sentrale Organisasie, Wes-Kaapse Biblioteekdiens



Editor | Redakteur
Grizell Azar-Luxton
Tel: (021) 483-2446

Sub-editor | Subredakteur
Ethney Waters
Tel: (021) 483-2234

Proofreaders | Proeflesers
Dalena le Roux
Helga Fraser

Graphic Designer | Grafiese Ontwerper
Wynand Coetzee
Tel: (021) 483-2283

Photography | Fotografie
Wynand Coetzee

Administration and advertising | Administrasie en advertensies
Szerena Knapp
Tel: (021) 483-2483
Fax/Faks: (021) 419-7541

Website | Webtuiste
www.westerncape.gov.za/cas

Online public access catalogue
<http://wc.slims.gov.za/desktop/desktopwc>

E-mail | E-pos
capelib@westerncape.gov.za
Grizell.Azar-Luxton@westerncape.gov.za
grizell@iafrica.com

Address | Adres
PO Box 2108, Cape Town, 8000
Posbus 2108, Kaapstad, 8000

Indexed in | Geïndekseer in
LISA (Library and Information Science Abstracts)

Reproduction and printing | Reprodusie en drukwerk
Creda Press

Cover design | Omslagontwerp
Wynand Coetzee
© Library Service © Biblioteekdiens
SA ISSN 0 008 5790

Editorial policy

The *Cape Librarian* is the house journal of the Western Cape Library Service and is published bi-monthly. Articles in the field of library and information science, library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that unsolicited copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

Redaksionele beleid

Die *Kaapse Bibliotekaris* is die huisblad van die Wes-Kaapse Biblioteekdiens en verskyn twee-maandeliks. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinstelyste asook praktiese artikels. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Biblioteekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.

Sy eerste dag

Dan sê ek maar niks ... deur Stefan Wehmeyer



Dis halfses in kamer 18 van Oude Rozenhof. Die bebaarde skraal man word wakker en gryp na die eerste sigaret vir die dag. Dit is begin somer op Stellenbosch en vandag is die 30ste November 1981. Hy begin vandag sy vier jaar staatsdiensbeurs afwerk by die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens in Kaapstad nadat hy sopas sy vierde-jaar studies in Biblioteek- en Inligtingkunde voltooi het.

Hy drink nie koffie nie, hy drink nie tee nie, sy baard beskerm hom van nog 'n daaglikse ritueel — skeer. Hy is stadig in

die oggend en dit neem hom 'n hele uur om aan die gang te kom en weg te kom. Hy sit nie 'n das aan nie, of miskien het hy? Hy lyk maar vaal; al wat *weird* is, is sy klompe, groot swaar bruin *clogs* met *studs* in. Hy gryp sy ou studentetassie en sit 'n kam in — as die wind vandag gaan waai, gaan sy hare deurmekaar waai. Die aanstellingsbrief as bibliotekaris van die Personeelinligtingsbiblioteek van die Kaapse Provinsiale Administrasie wat sê dat hy om 8-uur die oggend moet aanmeld by Mnr Smuts (die personeel-beampte van die Kaapse Provinsiale Biblioteek-diens), het hy al twee dae vantevore in die tassie gesit, maar hy maak weer seker dat dit nog wel daarin is.

Hy gaan trein ry. Die treinrooster het hy vooraf bestudeer en gememoriseer. Hy is lief vir tydtafels en *smile* nog altyd as hy onthou hoe iemand op 'n groot tydtafel geskryf het 'Who is Jesus? He is the guy who put up timetables.' Daar is 'n kwart-voor-sewe trein wat presies kwart-voor-agt in Kaapstad aankom. Op die stasie koop hy 'n maandkaartjie van R35, 'n pakkie Benson and Hedges Ultra Mild sigarette en *Die Burger*.

Die treinreis duur een uur. Hy lees die koerant vir ongeveer 30 minute; hy praat met niemand nie, letterlik nie 'n dooie word nie. Hy lees van die raaiselagtige verdrinking van die Amerikaanse aktrise, Natalie Wood. Die vier voorste waens van die trein is Slegs Blankes/Whites Only. Hy sien net witmense. Anderkant Goodwood kom die rye en rye grafte. Vanaf Mutual

is dit nie meer ver nie. Van hier af is die stasies lelik. By Soutrivier staan daar 'n groot kasarmagtige woonstelgebou met wasgoed wat al van vroegdag wapper op stukkende balkonne, want Maandag is wasdag. Volgens die tydtafel is dit nog vyf minute na Kaapstad. Woodstock-stasie is versier met groot *billboards* wat waarsku teen die gevare van alkoholmisbruik. JY DINK ALKOHOL MAAK JOU VROLIK EN HUPPEL? MAAR DIT LAAT JOU SUKKEL, geïllustreer met 'n uitgespringde *jack-in-the-box* met 'n stukkende veer. Hy voel aan daar is 'n onderliggende onheilsaamheid in die Kaap.

Die kondukteur in sy *crimplene*-broek kom vir oulaas om: 'Kaartjies, alle kaartjies, tickets, all tickets please.' Die jongman stap uit die stasie oor Adderleystraat. Hy verstaan nie hoekom die voetgangers oor die straat hardloop nie, al is die lig groen vir die karre. Hy verstaan dit vandag nog steeds nie, maar die Kaap is die Kaap — as jy 'n gaping sien neem jy dit. Hy stap in 'n reguit lyn, al op met Riebeeckstraat, tot bo in Somersweg, waar hy dan afstap in Chiappini. Presies twee minute voor agt stap hy die gebou binne. (In daai jare was daar geen sekuriteitsmense nie).

Mnr Smuts is vriendelik en joviaal. So ook die assistentdirekteur, Mnr Van der Merwe. Hy word ook voorgestel aan die direkteur, Mnr Morris. Hy is nogal skrikkerig vir die Engelse man wat so in 'n groot kantoor sit met een prent teen die muur en 'n skoon

lessenaar. Mnr Van Der Merwe sê aan hom hy moet so gou as moontlik in Waalstraat uitkom, want die persoon by wie hy gaan oorneem werk nog net die oggend en hy moet nog alles leer voor sy uit diens tree.

Die 22-jarige jongman ry op met die hysbak van die Toringblok van die Provinsiale Administrasiegebou tot heel bo en klim af op die 24ste vloer. Sy ore is toegeslaan na die vinnige hysbakrit. Hy sluk en *smile* en kom net voor 9-uur aan by die Personeelinligtingsbiblioteek. Wat 'n lang naam, dink hy. Hy ontmoet die vorige bibliotekaris, 'n Mev Van der Merwe (hy kan nie haar naam onthou nie). Dit was haar laaste dag en sy eerste. Hy moes spesiaal inkom op die 30ste en nie die 1ste nie, want Mev Van der Merwe kon nie langer as die 30ste November werk nie.

Mev Van der Merwe is nie juis vriendelik nie. Sy verduidelik sy werk net halfdag, daar is baie wat sy hom moet leer, tien uur is dit teetyd en kwart-voor-een gaan sy weg. Hy neem nie in hoe sy lyk nie, hy kan nie onthou watter klere sy aangehad het nie, of sy mooi of lelik was nie, of sy donker hare of blonde hare gehad het nie. Sy het 'n getikte handleiding opgestel met voorbeelde van hoe om 'n boek te bestel, hoe om 'n tydskrif te bestel, hoe om 'n tydskrif aan te maan, hoe om interbiblioteeklenings te doen; sy wys hom registers, sy wys hom boeke. Hy vra nie baie vrae nie. Vrae is onnodig, want alles is opgeteken in die handleiding. Tienuur gaan hy na buite vir teetyd, koop 'n pastei en rook een van sy sigarette in die straat, want hy wou nie sommer rook in Mev Van der Merwe se gesig blaas nie. Hy het tog maniere. Hy word voorgestel aan sy bure in die kantore langsaan. Hulle werk met perdewedrenne. En so praat en praat Mev Van der Merwe – hy neem lankal nie meer in wat sy sê nie. Niemand kom die oggend na die biblioteek nie, net 'n bode, Johnnie. Hy is darem vriendelik en groet met 'n stapel tydskrifte en pos.

Twaalfuur hoor hy die 12-uur kanon dreunklap en sien hoe die duiwe skielik doelloos opvlieg. Hy merk Keeromstraat 30 se groot horlosie op. Hy dink dis gaaf dat hy 'n horlosie uit die kantoor kan sien, want self dra hy nie 'n armhorlosie nie omdat dit sy syferobsessie kan vererger. Alles word getel. Van trappe wat hy klim tot motorkarre se registrasienommers wat hy bymekaar tel en dan deel deur die aantal syfers op die nommerplaat.

'Is daar nog iets wat jy wil weet?' vra Mev Van der Merwe en loop kwart-voor-een. Die kantoorbure neem hom na die kafeteria en vir R2 koop hy kos. Etenstyd is 45 minute. Half-twee is hy terug. Sy nuwe werkplek is stil. So sit hy dan en wonder; die vrou het so baie gepraat en hom uitgeput. Half-drie kom sy kantoorbure hom roep: 'Hier is vir jou 'n beker, jy kan by ons teeklub aansluit.' Die een vrou se naam is Martie, sy sê sy woon in 'n maisonette in Goodwood. Daar is ook 'n man wat lyk soos 'n outydse hoofkantoorklerk met sy verlepte pak klere met net so 'n verlepte, verbleikte, vergeetbare das. Daar is nog 'n jonger meisie. Sy praat baie en vertel van spookhonde met skrikwekkende kake wat sy langs 'n verlate pad gesien het. Spookhonde van die hel, vertel sy.

Hy dink terug aan die *billboards* by Woodstockstasie en die onheilsaamheid daarvan. Gelukkig is Goeie Martie daar, so hy hoef nie bang te wees nie. Ag wat, dit maak ook nie saak nie.

Drieuur sit hy weer in die biblioteek. Dis 'n biblioteek vir amptenare en baie belangrike kliënte soos dokters, verpleegkundiges, argitekte en ingenieurs. Maar niemand kom die middag na die biblioteek nie. Net Johnnie, met nog tydskrifte.

Hy gaan sit agter 'n tikmasjien en tik met twee vingers **Personeelinligtingsbiblioteek, Staff Information Library**, hy tik weer **Personeelinligtingsbiblioteek**. Later hoor hy sy kantoorbure rondskuifel, en presies halfvyf is hy deel van die daaglikse uitvlug. Met sy onbeholpe hoë *clogs* struikeel hy amper oor Groentemarkplein se oneweredige bakstene. 'Nou moet jy balanseer, Stefan,' dink hy hardop. Kwart-voor-vyf vertrek die Stellenbosch-trein.



So was dit dan sy eerste dag, die 30ste November in die Eenduisend Negehonderd en Een en Tagtigste jaar van Onse Here.

Stefan Wehmeyer is die adjunkdirekteur: Streke van die Wes-Kaapse Biblioteekdiens



people | mense

Reading and writing her passion



After three decades among books, the head librarian at Kraaifontein Library decided to call it a day. Despite the technological advances, the role of libraries hasn't changed much, says Nelia van Zyl. 'For the staff, all the work is now so much easier and for patrons the catalogue is more accessible.'

Nelia started at Central Library in May 1987, moved to Sea Point and in 1992 was appointed head librarian at Kraaifontein Library. Becoming a librarian gave her an opportunity to apply her skills, knowledge and creativity, she says.

'What I enjoy most about my job are the patrons. To entertain them, whether on desk duty or on the stage, to listen to them and to give them advice and send them out of the library with happiness in their hearts.'

Mayco member for community services and special projects, Belinda Walker, congratulated Nelia on her long service.

Tygerburger

All the best in your future endeavours. ED

libraries | biblioteke

Citrusdal Biblioteek reik uit



Kabouterland Na-sorg besoek die biblioteek



Jeugdag 2015



Hier word Kinderbeskermingsweek bevorder

Laingsburg Public Library holiday programme



Laingsburg Public Library presented story hours for the children every week. The children enjoyed the story sessions very much



They also presented movies to the children. During the session the children received Milo, sandwiches and sweet packets



Kids from different schools were invited to make their own snow globes during Laingsburg Public Library's Winter holiday programme

Laingsburg Public Library holiday programme



A thought provoking display on the dangers of smoking was done by Vredenburg Library



books and authors | skrywers en boeke

Geliefde skrywer oorlede

Suid-Afrika se gunsteling-liefdesverhaalskrywer, Ena Murray, is onlangs op die ouderdom van 78 oorlede.

Murray was die middelste kind van 'n geneesheer en boorling van die Noord-Kaapse Karoodorpie, Loxton. Haar verhale het dikwels in hospitale afgespeel en die skrywer het noukeurige navorsing gedoen voordat sy 'n nuwe roman aangepak het.

Sy het in die vyftigerjare op die tere ouderdom van 14 haar pen opgetel en haar eerste roman, *Lisé* is in 1960 gepubliseer. Sy het sedertdien meer as 130 boeke op haar kerfstok laat beland.

bookslive.co.za

Nota: Die Biblioteekdiens het 'n groot aantal titels in voorraad



www.netwerk24.com

Kaapse berggids sterf




Mike Lundy (74), die Kaap se 'Mnr Stap', is ná 'n lang siekte oorlede. Lundy het byna 40 jaar lank boeke oor staproetes in die Wes-Kaap geskryf en menige stapper geïnspireer tot voetslaan.

Lundy was veral bekend vir die topverkoper *Best walks in the Cape Peninsula*, waarvan agt uitgawes reeds uitgegee is. Hy was die skrywer of medeskrywer van nege boeke.

Die Burger

Titles by our cover author, Lauren Beukes

Broken monsters.- Umuzi, 2014.
Maverick: extraordinary women from South Africa's past.- Oshun, 2004.
Moxyland.- Jacana, 2008.
The shining girls.- Umuzi, 2013.
Zoo City.- Jacana, 2010.



literary awards | literêre toekennings

Wenners van die 2015 Media24 pryse

Die wenners van die 2015 *Media24* Boeke Literêre Pryse is aangekondig. Totale prysgeld van meer as R200 000 is aan die wenners oorhandig.

WA Hofmeyr Prys vir Afrikaanse Fiksie – romans, kortverhale en drama

Buy's: 'n grensroman deur Willem Anker.
Die ander titels op die kortlys was: *Ester* deur Kerneels Breytenbach, *'n Duisend stories oor Johannesburg* deur Harry Kalmer en *Kamphoer* deur Francois Smith.



Herman Charles Bosman Prys vir Engelse Fiksie

A sportful malice deur Michiel Heyns.
Die ander titels op die kortlys was: *Face-off* deur Chris Karsten en *Rachel's blue* deur Zakes Mda.

Elisabeth Eybers Prys vir Afrikaanse en Engelse Digkuns

Mede-wete deur Antjie Krog.
Die ander titels op die kortlys was *Karnaval en Lent* deur TT Cloete en *Al die lieflike dade* deur Charl-Pierre Naudé.

Recht Malan Prys vir Afrikaanse en Engelse Nie-fiksie

Lost and found in Johannesburg deur Mark Gevisser.
Die ander titels op die kortlys was *Justice* deur Edwin Cameron en *A man of good hope* deur Jonny Steinberg.

MER Prys vir Jeugromans

Alive again deur Andre Eva Bosch.
Die ander titels op die kortlys was *Chuck Norris kan deel* deur nul deur Annelie Ferreira en *Chain Reaction* deur Adeline Radloff.

MER Prys vir Geïllustreerde Kinderboeke

Noko and the Kool Kats deur Fiona Moodie.
Die ander titels op die kortlys was *Die Dingesfabriek: Jannus en Kriek Krimp* deur Elizabeth Wasserman en Astrid Castle en *Speurhond Willem en die diamantdiewe* deur Elizabeth Wasserman en Chris Venter.

Die *Media24* Boeke Literêre Pryse word toegeken aan boeke wat tussen 1 Januarie en 31 Desember 2014 by die *Media24* Boeke-groep verskyn het. Die wenner in elke kategorie ontvang R35 000.

Bookslive.co.za

Titels in voorraad:

Heyns, Michiel. *A sportful malice.*- Jonathan Ball, 2014.
Gevisser, Mark. *Lost and found in Johannesburg.*- Jonathan Ball, 2014.
Moodie, Fiona. *Noko and The Kool Kats.*- Tafelberg, 2014.
Anker, Willem. *Buy's.*- Kwela, 2014.

Biblioteek na Eglin vernoem

Wyle Colin Eglin, destydse leier van die Progressiewe Federale Party, gaan in die Moederstad vereer word. Die Kaapse stadsraad het ingestem dat die biblioteek in Seepunt na hom vernoem word.

Ná 'n voorstel van 'n lid van die publiek dat Eglin op dié manier vereer word het die Kaapse stadsraad 'n proses van openbare deelname gehou.

Van die inwoners het gesê Eglin was 'n 'ware seun van Seepunt' en 'n 'gerespekteerde inwoner' en dat dit 'n goeie voorstel is.

Een inwoner het egter gesê solank daar boeke beskikbaar is en die plek skoongemaak word, maak die naam van die biblioteek nie saak nie.

Die Burger

Kinders juig oor hul 'boekebus'

'Maak nie saak hoe arm nie, 'n kind wat lees, is 'n bevoorregte kind.'

Hierdie woorde van Antjie Krog is aangebring op 'n vragmotorwa wat die lewe van 1,200 Wes-Kaapse laerskoolleerders onherroeplik kan verander. Dit danksy die Du Toitskloof Douglas Green-mobiele biblioteek wat in Rawsonville deur die Wes-Kaapse premier, Helen Zille, bekend gestel is.

Die Boekebus is 'n gesamentlike inisiatief en uitbreiding van die Fairtrade-handelsmerk vir twee van Suid-Afrika se voorste wynprodusente, Du Toitskloof en Douglas Green.

Die vragmotor, met 'n 15m lange wa, is toegerus met sowat 5,000 boeke, 10 rekenars, Internettoegang en sagteware wat vir baie van die kinders hier hul eerste blik anderkant die kim van die Breedekloof sal gee. Die vragmotor, met 'n heelydse bibliotekaris, sal aanvanklik nege laerskole bedien.



© Deon Raath

Sane Lottering (9) van die Lorraine NGK Primêr is die ene konsentrasie voor die rekenaar in die Boekebus, die mobiele biblioteek wat in Rawsonville bekendgestel is

Die Burger

Skrywer en uitgewer: 'n sonderlinge simbiose

Die leser van boeke dink — in teenstelling met skrywers — selde aan die proses waardeur 'n boek gaan vandat dit as manuskrip deur die uitgewer in ontvangs geneem is. Nogtans is dit 'n belangrike proses; die verwerking en verpakking van die kunswerk sodat dit 'n verkoopbare produk word.

In *In ons goeie boekies* (1991), 'n boek oor Tafelberg Uitgewers déur Tafelberg se medewerkers en skrywers, skryf woordkunstenaar Ernst van Heerden: 'Vir my is die basis van die verhouding uitgewer/skrywer een van meelewing en vertroue. Dié dubbelheid berus, onder meer, op die genoegdoening waarmee elke nuwe manuskrip — of dit nou digbundel, 'n versameling literêre opstelle of 'n outobiografie is, ontvang sal word.'

Hy gaan voort deur te sê dat hy vertrou dat sy manuskrip met sorg gehanteer en dat 'binne die perke van die moontlike my wense geëerbiedig sal word'.

Wanneer 'n mens oor die verhouding tussen skrywers en uitgewers dink, skiet die voorbeeld van Koos Human en Etienne Leroux gewoonlik soos 'n prop bo die literêre badwater op. Want hulle sessies in 'n hotelkamer in Kaapstad, waar hulle Leroux se manuskripte deurgewerk het, is welbekend. Onlangs het iemand my gevra of uitgewers nog soortgelyk optree. Uit my bietjie persoonlike ondervinding kan ek sê dat dit van uitgewer tot uitgewer wissel: ek is tans besig om met Penguin, Thompson en Tafelberg te werk om 'n nie-fiksieboek, 'n roman en 'n memoir



Koos Human

nb.boek.co.za/blog

te publiseer, en elkeen werk anders — dog, die genre of die grootte van die uitgewery het ook min hiermee te make.

Koos Human is in elke geval 'n spesiale karakter met uitsonderlike insigte, wat 'n mens nie van elke uitgewer kan verwag nie — en daar was al baie wat besondere vaardighede en intuïsie het. Die feit is, die leserspubliek het geen idee watter rol uitgewers speel en wat elkeen wat enigiets met boeke te doen het, aan sulke uitgewers verskuldig is nie.

Van Heerden noem 'n paar name in hierdie verband: Danie van Niekerk, Charles Fryer, Danie Botha en Petra Müller. Hy sê: 'Die aandeel van 'n hele span by die Pers (dus Naspers se uitgewery Tafelberg, nou deel van NB, wat, onder andere, Human & Rousseau insluit) is nie te versmaai nie, al weet 'n mens dat hulle wars is van enige aandag of krediet.'

Skrywers is geneig om juis nie krediet aan uitgewers te gee nie, want skrywers is ten volle ingestel op hulle werk, wat hulle as 100% uniek en hul eie beskou — hulle is die klavierspelers en die uitgewers is die klavierskuiwers, uit en gedaan. Maar ons weet wel dat die beste uitgewers so fyn ingestel is soos Pointer-honde, snuffel-bewend om kluitte en klatters te ondervang voordat hulle die boekwinkels bereik. Nie altyd suksesvol

nie, helaas, maar as daar geen sif is nie, kry mens wat al te dikwels gebeur wanneer skrywers self publiseer.

Daarom glo mense in uitgewers; in wat hulle kan bydra. Selfs al het sommige uitgewers verwag dat e-publikasies (op Internet as vervolghverhale waarvoor lesers per episode betaal, of as volledige verhale, byvoorbeeld, op e-lesers die hele uitgewerswese sou omkeer en bevrees was dat uitgewers sou ondergaan in hulle huidige gedaante. Dit blyk tans egter nie 'n gevaar te wees nie: e-boeke doen toe glad nie so goed nie.

Persoonlik bewonder ek veral klein uitgewers soos Suiderkruis-, Hemel en See-, Hartebees-, Cederberg- en Thompson Uitgewers: hulle swem teen 'n baie sterk stroom. Boonop, uitgewers wat niche-boeke uitgee, soos Protea dikwels doen, is eweneens dapper om duur hardebandboeke uit te gee, of boeke wat gevestigde denkpatrone aanval.

Die vraag is hoekom skrywers wat sulke boeke skryf dikwels nie na groter uitgewers gaan nie. Ek self het in 2003 probeer om 'n boek oor TO Honiball te laat uitgee. Die enigste uitgewer wat kans gesien het om dit te doen, was AFRICAN SUN MeDIA, toe nog in sy kinderskoene, maar vandag onafhanklik van Stellenbosch Universiteit. Die pad

met 'n uitgewer kan rof en stamperig wees, en myne met hulle was, maar minstens het die boek die lig gesien. En elke uitgewer met wie ek gewerk het, kleintjies soos BK Publishers, en Fantasi, het sy uitdagings gebied, dog nie meer of minder as met grotes soos Tafelberg nie.

Die skrywer moet glo in sy/haar boek. En baie oortuig wees dat die uitgewers te onnosel is om die potensiaal daarvan te herken voordat hy/sy dit self uitgee. Jy kan natuurlik, as die boek goed verkoop het, later na 'n uitgewer gaan, soos wat met een van die grootste suksesverhale in die Suid-Afrikaanse boekbedryf gebeur het, naamlik **Kook en geniet** deur SJA de Villiers. Vandag, twee jaar ná die skrywer se dood, verkoop haar talle boeke steeds 'soos soetkoek'.

Alle stories is nie sprokies nie, en sprokies kan nare óf goeie eindes hê. Miskien is elke boek 'n sprong in die duisternis — geneem op geloof in 'n sagte landing.

Op die keper beskou is drie aspekte aangaande die publikasieproses baie moeilik om te omseil: die geloofwaardigheid in die kwaliteit van die boek, die redigering, asook die onkoste en tyd wat die bemerkings- en verspreidingsprosesse behels. Wat dit betref, bly die verhouding tussen uitgewers en skrywers steeds die moeite werd.

40 years ... *stefan wehmeyer, deputy director: regions*

- The Welverdiend Library in Bredasdorp was opened. Mr Brown, Chairman of the new library committee sketched the history of the library, from its humble beginnings in a private home, the depot in the NG Kerk hall, to its present modern setting. Welverdiend has been well worth waiting for and its name is apt.
- Ilse Swart skryf 'n artikel oor die gebruik van prente en ander hulpmiddels in die biblioteek. Die belangrikste bronne van prente/pamflette/uitknipsels is koerante en tydskrifte want hulle het altyd die nuutste inligting oor 'n onderwerp.
- Dikwels is daar geen of min inligting in boeke te vind nie. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die onderwerp *Beeldradio*. Nog 'n woord wat destyds gebruik was, was *Kompers*.
- Sheila Eichhoff skryf oor skakeling met skole: 'Ek het al die hoofde persoonlik besoek en aan hulle verduidelik dat ons die kinders graag wil help, maar ons beter sal kan voorberei as die onderwysers ons voor die tyd kan sê watter inligting benodig word. Hulle was baie gretig om saam te werk en het my verseker dat hulle met hul personeel sou praat. En dit was al. Van die onderwysers het ons niks gesien of gehoor nie.' Sy sê ook: 'Maar ons kan ook hard optree as dit nodig is. Kinders wat 'n dag voor hulle temas ingehandig moet word, kom inligting soek, gee ons maar min simpatie. So ook aan kinders wat weier om van Engelse boeke gebruik te maak.'
- Die Tygerberg Hospitaalbiblioteke word geopen. Hantie Van Heerden en Sophia Rickett was die bibliotekaris. Vreemd genoeg het hulle ook plate en kunsafdrukke aan hulle lesers gebied. (*In my verbeelding sien ek pasiënte met grammofoonplaatspelers by hulle beddens.*)



Western Cape Library Service



From the very beginning ... 1955-2015 by Stefan Wehmeyer

The aim of this article is to provide a historical synopsis of the Western Cape Library Service and its predecessor, the Cape Provincial Library Service.

In 1945 an attempt was made to establish a free public library service in the old Cape Province. A concept ordinance which provided for a free public library service was published that year. In 1949 a new ordinance was published. The provision of a library service became the financial responsibility of the province.

It was soon clear that this model of financing was not feasible.

1955

A new ordinance, No. 4 of 1955, that made provision of a library service the joint responsibility of the provincial administration and municipal authorities, was promulgated. Theo Friis was appointed as director. Provision was also made for the purchase

of audiovisual material. The Cape Provincial Library Service was officially established with production, administrative and service divisions.

The budget for the purchase of library materials was £187,000.

Under apartheid legislation services were racially segregated and the 1956 annual report stated that 43 public libraries and 60 depots for Whites and 66 depots for Coloured communities were served, with 21,775 White members and 6,004 Coloured members. Book stock was also divided by race, 262,353 and 30,173 respectively. The head office was in Keeromstraat.

1956

The first long-playing (LP) records and art prints were bought and a film service was started. There were 610,310 books in stock.

The Western Cape regions were George, Mossel Bay, Cape Town, Robertson, Stellenbosch, Beaufort West and Vanrhynsdorp. Total book circulation was 807,273.



The first regional library – Vanrhynsdorp – in the original building, 1951

1957

Cape Town Region (currently the Metropole Control Area) provided a service to only four libraries, namely Fish Hoek, Kommetjie, Parow and Robben Island.

The book stock reached the one million notch. 85 public libraries and 132 depots were served. Membership was 71,140 and 2,142,857 books were circulated. An automated punch card system was developed to computerise accessions of library material.

The first Holiday School (a training session for public librarians) was held in Hartenbos and lasted 12 days. The first edition of the **Cape Librarian** was produced.

1958

Membership was 114,180 and 3,491,684 books were circulated.

The City of Cape Town Library Service received its first subsidy of £60,970. Six students received bursaries and loans to study Library Science at the University of Cape Town.

1959

Book stock totalled 1,834,278. Membership was 152,650 and just more than five million books were circulated. The book budget was £200,000 SA.

Parow Municipality became the first municipality to build a standard public library for their Coloured community in Tiervlei.

1960

171 public libraries and 735 depots were affiliated. Membership grew to 188,485 and 5,5 million books were circulated.

1961

Planning commenced for a new building to house the headquarters of the Library Service. Building costs were estimated at R1,700,000.

The new futuristic library building was described in detail. Innovations were a Pater Noster and a conveyor belt. These belts were supposed to run continuously carrying books to and from different sections of the building. A pneumatic tube system for transferring book request cards was also to be installed. Furthermore it would have the first Compactus book shelving system in South Africa and the floors would be designed to carry the maximum weight per square feet to allow for maximum storage. Even the roof was designed to allow for helicopter landings!

The first gramophone records were issued at public libraries.



Librarians at a vacation school held at Zonnebloem College, 1961

1962

The budget available to buy new books amounted to R619,109.

1963

A commission was appointed to investigate the administration of the Library Service.

1964

Gilbert Morris was appointed director. The service moved to its new premises on the corner of Hospital and Chiappini Streets. The punch card system was abolished.

215 public libraries and 393 depots were affiliated. Book stock totalled 3,5 million and circulation 7,5 million.

1965

The director voiced his concern about the disappointingly low growth in membership. 'The serious lack of suitable accommodation and staff and limited service hours constrain the expansion of library facilities to the Coloured community.'

1966

Most of the local authorities in the province had accepted responsibility for library services. Fiction remained popular and only 14% of books circulated were non-fiction. Book circulation totalled just more than 8,8 million.


1968

233 public libraries and 388 depots were affiliated. For the first time more than 10 million books were circulated.

Thirteen years after the establishment of the Library Service,



Book selection meeting, 1963



The accession process, 1978

40% of items circulated were within a radius of 100 miles (160 kilometers) from Cape Town.

1969

The first book carnival for children was launched by the Promotion Section.

1970

Rising book prices became a concern. Circulation stagnated and remained at 10 million. 368,561 members were registered at 235 public libraries and 331 depots.

1971

The Provincial Library Board recommended that local authorities with a Coloured population of more than 3,000

receive subsidies from the Provincial Administration to build standardised public libraries.

1972

The first subsidies to build libraries in the Coloured communities of Mossel Bay, Ceres, Vredenburg and Graaff-Reinet were paid over to municipalities.

Circulation increased to 11,1 million and membership for the first time grew to more than 400,000. The film service remained popular and more than 42,000 films were circulated.

1973

A 13% increase of library use was noted as circulation increased to 11,6 million.

1974

251 libraries and 280 depots were affiliated to the Service. (Of these, 27 were in Coloured communities).

1975

A strong growth in membership was experienced with membership exceeding 500,000. Five million books were in stock and 13 million circulated.

A record number of 52,534 films were issued.

1976

Television came to South Africa and for the next two years membership remained just under 500,000 and circulation hovered around 13 million. Film circulation dropped to 44,000.

1977

322,000 books were bought.

1978

Book circulation is 13,776,574 and membership escalated to 544,757. Langa Library became the first library in an isiXhosa community to affiliate with the Library Service. Subsidies from the Library Service for the building of new or upgrading of existing facilities were extended to White communities.

1979

The last subscription library to affiliate with the Library Service was Pinelands. The number of centres affiliated was now 271 public libraries and 196 depots.

1980

Only 274,697 books were purchased, 15% fewer than the previous year.

1981

A new Library Ordinance was promulgated (Number 16 of 1981). The section that made provision for separate services was omitted. Membership reached the 600,000 mark. The number of public libraries in Coloured communities stood at 71 in comparison to 218 libraries in White communities.

1982

The number of new books bought dropped to 260,000. Membership grew to 640,000 and circulation increased to 14,2 million.

1984

Statistics were no longer kept according to race.

1985

Frans van der Merwe was appointed as director. Book circulation increased to 15,328,749 and membership now stood at 700,000.

322 libraries and 140 depots were affiliated. The hundredth library building subsidy was paid to a local authority. The first videos were bought. The first celebration of Public Library Day took place on 8 October.

The computerisation of the Service was investigated. A computerised word processor to do the layout of the *Cape Librarian* was bought. Membership increased to 733,014 and for the first time in years more than 300,000 books were bought.

1987

A concerted effort was made to buy study material for tertiary students. The book budget was increased with 25% and a record number of 435,726 new books were bought.

Video circulation stood at 42,000 and use of the Film Library started to wither. 334 libraries and 130 depots were affiliated to the Service.

1988

For the first time, a major campaign was launched to celebrate Library Week. Promotional material of the Library Service was used countrywide.

The Zaayman Report on the role of library and information services in the development of South Africa was published and the report was incisively discussed by the Library Service.

A phenomenal amount of 691,389 books were bought. Circulation reached 18 million.

1989

Book prices almost doubled in two years and the number of new books purchased reduced to 422,000.

For the first time ever subsidies were provided for the building

of libraries in African communities: funding was provided for the building of libraries in Crossroads and Khayelitsha.

1990

The Reservation of Separate Amenities Act was repealed. Regional Service Councils replaced Divisional Councils. No provision was made for a financial contribution to municipalities for library services and membership fees for rural members of public libraries were charged.

The first CD was issued.

The number of libraries affiliated stood at 353 and 115 depots. More than 20 million books were issued to 831,179 members.

1991

25 years after the previous director expressed his concern about the low circulation of non-fiction, the circulation figure was still 15%, only one percent more than in 1966. Dramatic increases in library membership and circulation of library



Datacapture assistants checking datalink error reports in the early 1990's

material were experienced in especially rural areas after libraries were opened to all races. The implementation of the Library Service's computerised library system, CPALS, commenced. The purchasing of art prints for circulation at public libraries was discontinued. Membership increased to 851,466 and 21,4 million books were circulated.

1992

CPALS was fully implemented. 581,000 new books were purchased. For the first time, membership exceeded 900,000 with 22,2 million books circulated. 361 libraries and 111 depots were affiliated. The 200th subsidy for the building of a library was paid.

1993

The principle of the free use of public libraries was reaffirmed by the Administrator of the Cape Province after a comprehensive research report found that charging membership fees would have dire consequences.

1994

After the first democratic elections in 1994, the Western Cape, Eastern Cape and Northern Cape started to function as separate library services for each province. A small part of the erstwhile Cape Province also became part of the Northwest Province. Resources and staff posts in Head Office were allocated to the new provinces, with the Western Cape retaining 56% of these.

At the end of 1994 the membership at 256 affiliated libraries was 675,551. At this time, municipalities were still under the old dispensation, with the City of Cape Town running its own independent service, but with a subsidy for library material provided by the Western Cape Province. The library material

budget was R19,3 million and subsidies were allocated for new library buildings in De Rust, Gugulethu, Lwandle (near Strand), Thembalethu in George and Mamre. The City of Cape Town built a library in Strandfontein.

1995

259 centres were affiliated to the Provincial Library Service. The library material budget was cut to R15,1 million. 279,954 items were added to the library material collection. New libraries were built in Elsie River (major upgrade), Masifunde (Knysna), Zolani (Ashton), Eerste River and Struisbaai.

1996

Membership at 263 affiliated libraries now was 761,377 and R14,775,545 was spent on library material. Due to staff shortages at Head Office (44% of posts were lost with the division of the old Cape Province), a backlog in the processing of library material was created.

With the assistance of temporary contract workers, 361,936 items of library material were processed. This was the highest number processed in any given year since 1994. In this year the Library Service became part of the Department of Environmental, Cultural Affairs and Sport and was downgraded to a subdirectoriate with a deputy director.

New libraries were subsidised at Elandsbaai, KwaNokuthula (Plettenberg Bay), Weltevrede Valley (Cape Town) and Gansbaai. The Imizamo Yethu Library at Hout Bay was put into operation.

1997

Mr Frans van der Merwe retired as director and Mr Johan Swiegelaar became head of the Western Cape Provincial



Care and repair of art prints, 1983



Negatives being examined for the Cape Librarian, 1992

Library Service. After the first restructuring of local government, six new municipalities were established in the metropolitan area of Cape Town and a few libraries that belonged to Cape Town were affiliated to the Provincial Library Service. Membership grew to 857,232 and the number of libraries to 273. R14,385 million was spent on library material. Only one new library building was subsidised at Nduli (Ceres). The City of Cape Town opened new libraries in Valhalla Park and at the Mitchell's Plain Town Centre. Both these libraries were built in 1996. The Masakhane Library in Khayelitsha was opened by the Tygerberg Municipality.

1998

During 1998 a total number of 915,321 library members borrowed 20,454,196 items of library material at 283 affiliated libraries. A substantial amount was budgeted for new libraries and funds were provided to build new libraries in Khayelitsha (Moses



Special requests being issued, 1998



Heritage Day celebrations at Masakhane Library, 2002

Mabhida Library), Delft South, Brown's Farm and Paternoster. The City of Cape Town completed a new library in Bridgetown.

1999

In 1999 the library material budget was R14,6 million and the number of library material items distributed to libraries 289,883. There were 285 affiliated libraries and the circulation of library material was 20,7 million. Only two million Rand was budgeted for new libraries for the communities of McGregor, Genadendal and Zwelihle (Hermanus).

2000

R17 million was spent on the acquisition of new library material. There were 280 service points because a few smaller depots were closed. 914,833 people were registered library members and circulation increased to 21,3 million. New libraries were subsidised at Wellington (with the new Wellington Readers Library replacing the existing facility), Pniel and Sir Lowry's Pass. The Tygerberg Municipality opened a new library in Khayelitsha and named it after Nazeema Isaacs. Blaauwberg Municipality opened a new library for the community of Brooklyn.

The first electronic edition of the **Cape Librarian**, the in-house magazine of the Library Service, was published on the Internet.

2001

The third phase of local government reform commenced with the local government election on 5 December 2000, establishing the current municipalities. The City of Cape Town Municipality was established from the amalgamation of the six that were established in 1997. The previous independent City of Cape Town Library Service ceased to exist with this amalgamation and all previous city libraries were to be affiliated to the Provincial Library Service as from 2002. 2001 saw the 11 September attacks in New York and one of the results was a weakened Rand/Pound exchange which saw the Rand drop in value to almost R19 for one pound. This blow was softened due to a substantial increase of the library material budget of R24,2 million.

The number of affiliated libraries was 279 and circulation of material increased to 21,5 million with 932,795 library members. Subsidies were provided to build new libraries at Eendekuil, Railton (Swellendam), Saron and Zoar. The City of Cape Town built and completed a new library in Rylands.

2002

With the formation of the new City of Cape Town Library and Information Services, all of its previously independent libraries were now also affiliated to the Western Cape Provincial Library Service. The number of affiliated libraries grew to 317. As from the 2002/3 financial year, all library material of previously independent libraries in Cape Town was bought from the provincial budget and the library material budget increased to R27,5 million. Membership at affiliated libraries



The Preparation Section in Head Office set all other work aside to process the latest Harry Potter title, 2005

increased to 1,185,409 and just over 25,3 million items were circulated. Subsidies for new library buildings were allocated to Ebenhaeser, Moorreesburg and Bot River (later to be named Ukhanyo Library). The Department of Cultural Affairs and Sport was established after splitting from the Department of Environmental, Cultural Affairs and Sport. The Library Service again became a directorate, together with Archive Services.

2003

In order to extend library services to small rural communities not within easy reach of public libraries, the Provincial Library Service started its Wheelie Wagon project. This entailed lockable mobile trolleys that were stocked with library material in a suitable facility within a community. The first Wheelie Wagon opened at Kliprand in the Matzikama Municipality. The number of affiliated libraries remained unchanged at 317, membership was 1,195,011 and a record number of more than 25,9 million items of library material was circulated. The budget for library material was just more than R29 million. Subsidies were provided for new libraries at Hermanus, Suurbraak and Slangrivier. The City of Cape Town established a new service at Masiphumelele near Fish Hoek.

2004

The total membership at 308 public libraries stood at 1,238,103 and 25,958,591 items of library material were circulated. R31,7 million was spent on buying new library material and 288,059 items were processed. New libraries were subsidised at Nelspoort, Kranshoek and Buffeljagsrivier. The City of Cape Town completed a new library in Philippi East.

2005

1,229,471 library members borrowed 24,529,699 items of library material at 309 affiliated public libraries. A ground-breaking announcement was made when the Minister of Finance, Mr Trevor Manuel, announced in parliament that a national subsidy programme for public libraries would be made available. R30,7 million was spent on new books. New libraries were subsidised at Khayaletu (Knysna), Klaarstroom and Leeu-Gamka.

2006

During 2006, the Minister for Arts and Culture, Mr Pallo Jordan, announced that the government will be availing one billion Rand over a three-year period to upgrade, improve and expand library services in the whole country. In 2006, the total membership at public libraries was 1,157,890. 22,352,953 items were circulated at 322 affiliated public libraries. R29,9 million was spent to procure new books. Subsidies were given to build new libraries in Vredenburg and Haarlem. (Due to delays and the need for additional funds, the library in Vredenburg was only completed in 2013.)

2007

Membership at 329 affiliated centres grew to 1,264,017 and circulation decreased to 21,487,059 items of library material. The Western Cape received Conditional Grant funds for the first time. An amount of R16,7 million was allocated to the province. The Provincial Library Service took a decision to transfer most of these funds to libraries to appoint additional staff. Funds were



The main theme for Library Week 2010 was Soccer



An edition of the Cape Librarian being scrutinized, 2011

also set aside to connect four rural public libraries to the Internet with 3G-cards and to fund five new Wheelie Wagon projects. Over the years the Wheelie Wagon projects were boosted with Conditional Grant funding that enabled the Provincial Library Service to buy mobile book trolleys, library material and also to provide funding to municipalities to appoint staff at these new sites. It should also be mentioned that Conditional Grant funding has been used over the years to buy additional library material. (Approximately 150,000 items have been bought since 2007.) R32,9 million was the expenditure on new books. The City of Cape Town opened a new library building in Claremont after selling off council land to a private developer on condition that a library be built on the site.

2008

Mr Johan Swiegelaar retired as director of the Western Cape Provincial Library and Archive Services and Mrs Nomaza Dingayo was appointed as the new director. Conditional Grant funding increased substantially to R31,434,000. Funds continued to be used to appoint additional staff at public libraries. In 2008 it was also decided to provide multiple workstations to public libraries under the Rural Information and Communication Technology (ICT) project and to expand this service with 20 sites per year. Membership to public libraries stood at 1,173,532. 333 centres were affiliated and 21,889,011 items were circulated. R27,4 million was spent to buy new books. A subsidy was given to build a new library at Gouda. The new Central Library in the heart of Cape Town opened as a result of substantial donor funding from the Carnegie Corporation.

2009

Conditional Grant funding increased to R41,073 million. The first rural ICT-project with multiple workstations connected to

the Internet went live at Cloetesville Library in Stellenbosch. Membership at 334 affiliated centres was 1,223,854. These centres circulated 22,955,074 items of library material. The amount spent on library material was R31,3 million. However, with Conditional Grant funding included, the total amount was R37 million. This was the largest amount used to procure library material in the past 20 years. The Shuttleworth Foundation provided funding for a new library in Fisantekraal near Durbanville.

2010

Conditional Grant funding increased to R49,648,000. It was decided that, due to the backlog of library facilities in the Western Cape, Conditional Grant funds will in future be used to build new libraries or to upgrade existing facilities. During 2010 and 2011 an additional subsidy was given (from Conditional Grant funding) to complete the Vredenburg Library project. During 2010 it was estimated that 313 or 24% of the total public library staff complement of 1,353 were funded from Conditional Grant transfers to municipalities. The worldwide global financial crisis of 2008 contributed indirectly to the reducing of budgets by all government departments in 2010/11. The book budget of the Library Service was cut to R19,7 million after R4,5 million was also redirected to pay for a new library and information system. 336 library service points were in operation during this year and 1,261,516 registered members borrowed 22,594,576 items of library material.

2011

After nearly 20 years on the PALS Library and Information System, the Western Cape Library Service migrated to a new system called SITA Library and Information Management System (SLIMS), powered by the Belgian company Brocade. Conditional Grant funding slightly decreased to R48,694 million.

The new library at Paarl was subsidised from Conditional Grant funding. After receiving a subsidy from the Carnegie Corporation and Deutsche Bank, the Harare Square Library in Khayelitsha was opened. The Klapmuts Public Library opened as a joint venture where Stellenbosch Municipality provided the staffing, the school governing body of Klapmuts Primary the premises, and the Western Cape Library Service the library material. This school/public library was designed as a dual-purpose library and served as a model for the whole country. In order to alleviate the unfunded mandate burden on municipalities, Provincial Treasury of the Western Cape allocated R31,7 million to replace municipal funding on libraries at smaller, so-called B3-municipalities. A Municipal Replacement Funding (MRF) Unit was established at the Library Service to manage these transfers. 2011 also saw the reclassification of library material from consumables to assets. This had a major impact on the operations of the Library Service and a 100% stocktake of all library materials at 358 locations was undertaken from August 2011 to February 2012. The expenditure on new books increased slightly to R20,1 million. Membership stood at 1,259,391. 343 centres were affiliated and the total circulation of all library material was 20,749,866.

2012

Conditional Grant funding was increased again, this year to R56,129,000. MRF funding amounted to R45 million. 1,278,953 registered library patrons borrowed 20,898,075 items at 347 public libraries and the amount spent on new books was R22,6 million. A restructuring process of the Conditional Grant



Passionate librarians from Central Library, the National Library of South Africa and the Centre for the Book took to the streets of Cape Town to proclaim their love of books and reading, 2014

and Municipal Replacement Funding units in Library Service was finalised. The Municipal Replacement Funding (MRF) project for the 15 Category B3-municipalities expanded its funding impact. This project funded all the permanent library staff members (236) of the 15 municipalities, as well as all operational and smaller capital expenditure at 12 of the 15 B3-municipalities in the Western Cape. MRF and Conditional Grant funding combined covered 96% of all expenditure on libraries in the 15 B3-municipalities. New libraries at Nkqubela (Robertson) and KwaNonqaba (Mossel Bay) were subsidised over two financial years (2012/2013 and 2013/2014). Eight million Rand from Conditional Grant funding had now been set aside for building projects. A new library was opened in New Horizons (Plettenberg Bay) with the project being financed by the Bitou Municipality.

2013

Conditional Grant funding increased to R67 million whilst MRF funding increased to R50 million. The Wheelie Wagon projects have now grown to 42. The 100th library was provided with an Internet connection through the Rural ICT-Project. Archive Services became a separate directorate, with the Library Service continuing as a single entity under the directorship of Mrs Dingayo. A new unit named Municipal Support Services was established. This new unit, consisting of two sections, namely Municipal Funding (previously known as Municipal Replacement Funding) and Public Library Enhancement (previously known as Conditional Grant section), is managed by a deputy director. The first instalment for a new library at Prince Alfred Hamlet (near Ceres) was provided.

At the end of 2013, 349 library centres were affiliated to the Library Service.

2014

The funding for Conditional Grants increased significantly to R126,347,000 in 2014/15 and for the first time in the history of the grant, funds were made available to deal with the unfunded mandate of library services (excluding the City of Cape Town). An amount of R114,333 million was transferred to 25 local municipalities. Funding was granted for the following building projects: Prince Alfred's Hamlet, Avian Park (Worcester), Slanghoek (Rawsonville), Citrusdal, Conville (George), Kleinmond, Parow, Hangberg and Crossroads. An amount of R54,777 million was provided as Municipal Replacement Funding.

The Rural Library Connectivity Project had now reached 200 libraries in rural areas.

Only 188,588 items had been procured for distribution to 361 library centres.

Stefan Wehmeyer is the deputy director, Regions, of the Western Cape Library Service



60 years of the Library Service



We remember compiled by Grizéll Azar-Luxton

According to our records the Library Service is 60 years old this year but according to a former Assistant Director, Bon Gertz, the library service had 'in fact started in 1945 with the appointment of the first Library Organiser, S.J. Kritzinger'. This according to an article written by her in March 2007, *CPLS early days*. To introduce our *60 years of the Library Service* article in which we share some former staff's recollections, we reproduce some of Bon Gertz's memories.

Bon Gertz



'The library service scheme was financed entirely by the Provincial Administration and was under central control from Cape Town where the bookstock was kept. Three regions were opened in Vanrhynsdorp, Calvinia and Malmesbury areas and by 1954 had served 43 libraries and 126 depots. However the service was suspended in 1954 when, as predicted by librarians, it had proved financially

unrealistic and it had failed to engage community support as there was no local involvement.

And this in the Cape which in 1940 had 173 extant libraries compared with 11 in the Transvaal, 12 in Natal and 10 in the Orange Free State (OFS), yet there the provincial services to rural communities had been successfully introduced between 1946 and 1952. Our lawmakers did their citizenry a serious disservice in 1994 when they excluded local authorities from their former share of responsibility for public library services by making them a solely provincial responsibility.

Now William JB Slater, the dynamic new provincial secretary of the Cape, had come from the OFS where he had experienced the success of the model which Boland had started in Germiston and which had been adopted by all three of those provinces. Suspending the Cape Service Slater set about the revision of the Library Ordinance to comply with the formula based on

joint responsibility for libraries between the province and the local authority. This became the Revised Ordinance, no 4 of 20 May 1955. Theo Friis, fresh from a year's study under Leon Carnovsky at the prestigious Chicago Library School, was appointed just in time to have audiovisual materials added to the document. Friis had strong support from Slater which enabled him to move forward through the bureaucracy at an unprecedented rate in getting finance, staff and new administrative procedures in place. The ordinance was unique in making provision for urban library areas, namely Cape Town, Port Elizabeth and East London which would receive substantial financial assistance from the province for their independent library services.

Apartheid laws ruled so there were separate libraries and stock for white and coloured communities. Tragically no African communities could be served as by law all amenities had to be financed and provided by the national Department of Native Affairs. This neglect was a blight on the Service.

When I assumed duty in August 1955 as the first appointment under the new ordinance, the Library Service was housed in one big room on the ground floor of the provincial building in Wale Street with a handful of staff. New books dribbled in on standing order while in the basement of the building stood over 200 000 books from which the libraries had been served from 1950 to 1954, and an immediate task was to allocate this stock to the newly-planned 18 regional libraries.

Early in 1956 there was an influx of new staff, a contingent of whom went on a tour up to Port Nolloth and across to Mafikeng and Kimberley to introduce the new service. I recall the mirage of Pofadder rising up to meet us in the February heat, and then having driven through it before realising it was past! The Service now moved into an old four storey factory building at 48 Keerom Street with Cataloguing and the Preparation Sections housed on the top floor under a tin roof which some summer days got so hot that the staff had to be sent home. It was an exhilarating time.

Three new regions were opened every six months and by December 1957 all 18 were established with regional staff, premises and stock. Many of the early regional librarians went on to prominent positions in the profession. Names like André Cornelissen, Gerhardt L Nordier, Arnold Lubbe, Steve

van Niekerk and CJ Fourie come to mind. The contract which each municipality signed on affiliation pinned them down to standards of staffing, salaries, hours, and the provision of a building brought up to standard within five years.

New standard buildings were also being planned and erected, eight had opened by 1963 and a further ten were ready during 1964. Training courses lasting two weeks were held three times a year as new regions came on stream. A depot service to schools expanded as regions opened and were serviced until the end of 1963 when the Education Department started their library service and took over the stock and service.

As the existing libraries joined the Service a reorganising team went out to weed the old stock, and to catalogue and process the retained stock to accord with the card issue system which was used for the new stock coming from province. There were some amazing adventures in this process as most of the old subscription libraries had books going back to Victorian times that had not been moved in years. So, weeding in the dark, dusty Lusikisiki Library I removed a squeezed batch of books at eye level to find myself looking at a huge slowly-stirring puffadder — the library was surrounded by a five foot fence and to this day I do not recall clearing it!

The Central Organisation was also humming — in America Friis had seen the early experiments in automation and so the bold step was taken to introduce punched cards, the forerunner of computers; theoretically this would eliminate all future card sorting and filing, so it was worth a try! Adjusting standard cataloguing to the rigid limitations of the two lines of card was a nightmare, the length of the cards required bigger card holders, and the experimental adjustments had the suppliers equally phased and are best forgotten, but the noise and problems with the giant machines themselves, up there on the hot top floor remained, but dear Hazel Jones (Verwoerd) battled on! Now you know why the issue cards are so big — they had to fit the cabinets which were now standard stock! The machines did not follow us to Hospital Street.

The Book Selection Section was constituted from the start of the new organisation. An early task I had was to visit local stock holding booksellers to invite them to submit books on approval for selection. Adjustments and refinements on the approval system were made but all through this period an agreement on terms was negotiated annually with the Booksellers Association of South Africa for imported books while Afrikaans books were ordered from the publishers. The Children's Department was led by Bessie Lyndhurst who mentored Lydia Pienaar and strict standards were applied — the buying power of the Service and the dearth of Afrikaans books resulting in large orders which enabled the coproduction of wonderful children's books by new firms like Human & Rousseau. It is regrettable that it has not proved viable for the same to happen for indigenous languages. Jean Albert held the adult selection team together and Elizabeth Schoeman, (later De Roubaix), reviewed Afrikaans books. A team of book reviewers dealt with the large English volume.

The innovation of audiovisual materials — 16mm films, gramophone records and art prints — created their unique challenges in sourcing, processing, housing and issuing. Three film libraries were stocked as part of the three reference libraries in Cape Town, Kimberley and Port Elizabeth and all standard libraries were issued with film projectors; records and art prints were allocated to regional libraries for distribution to libraries, while art prints were housed in three sizes of plastic-

sleeved folders with wooden exchangeable frames made available in the libraries — this proved a nightmare all round! The AV department was staffed by Dr Helen Oppenheim, an art historian, and her sister Kiko Gaskell who had been tutor to Yehudi Menuhin and his sister when they were young!

The Service grew at a phenomenal rate as is reflected in the record of service points; by 1959 there were 785 affiliated service points comprising 152 public libraries, 242 depots serving whites, 126 depots serving coloured communities, 231 depots at white schools and 34 depots at coloured schools. The service continued to grow and by the end of 1963 there were 207 public libraries, 224 white depots and 161 depots serving coloured communities. The service to schools continued until 1964 when it was transferred to the newly-established Library Service in the Education Department. By 1963 public membership was 265 506 and 7 194 141 books were circulated.

The Service was soon bursting out of Keerom Street and after speculation of being located well out of town a large plot adjoining the newly-built Provincial Stores Department in Prestwich Street and which had been the location of a so-called hospital for abandoned old people (there were many ghost stories in the early days) was made available. Planning was underway by 1960 and the building was due for completion early in 1964.


So to 1963. This was a dark, dark year for the Service. In March Dr Theo Friis, the director was suddenly suspended from the Service and a Commission of Inquiry into his management of the Service became front-page news for many weeks. Regrettably his hubris, ambition and unorthodox style had made him enemies in both the book trade and the Administration, and he had made an unwise friendship with a purveyor of American remaindered books which he insisted on buying in large quantities — he had never pretended to be a book man and the lack of judgment was deplorable. By midyear he had retired and Julie te Groen acted as director till the end of the year Friis left the profession and it was a tragic end to what had been a meteoric career during which he had made an enormous contribution to the library profession. Sadly the only remaining legacy of those vital professional standards for public libraries is reflected in the many fine library buildings to be found throughout the Cape, libraries like Bellville or my own beloved Hout Bay.

It was a tough time for the Service, having been the jewel in the crown of the Administration we were now pariahs with a flood of suspicious questions and petty controls from Wale Street (Administration headquarters). It must be said that the pace had taken its toll in some of the necessarily hasty decisions, but overall it was wonderful to have been part of the exhilarating expansion of libraries and to have experienced the delight of thousands of children and adults who, after years of starvation, could now enjoy access to all the riches on offer.

Frans van der Merwe

Die redakteur het my gevra om iets te skryf oor die tydperk wat ek in diens was — hoogte- en laagtepunte, maar ook oor snaakse gebeure — waaraan ek graag voldoen.

Ek was vir 31 jaar aan die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens verbonde; vir die eerste 13 jaar in die Noord-Kaap, die eerste jaar as streekbibliotekaris in Kimberley, toe vir 'n jaar in



Aliwal-Noord en weer terug na Kimberley as senior- en daarna as hoofbibliotekaris vir die Noord-Kaapse streke Aliwal-Noord, Beaufort-Wes, De Aar, Kimberley, Upington en Vryburg. Ek is bevorder na assistentdirekteur in Kaapstad en vir die laaste elf en 'n half jaar van my loopbaan was ek in Kaapstad as hoof van die Biblioteekdiens, waarvan die laaste drie jaar as direkteur van die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens.

Hoogtepunte was baie en snaakse gebeure was daar gewis, maar gelukkig was laagtepunte maar min.

NOORD-KAAP

Ek het in Januarie 1966 as streekbibliotekaris in Kimberley begin werk. Nadat ek rondgewys is en personeellede ontmoet het, skuif ek agter my lessenaar langs die groot trap na die boonste verdieping in. Almal se 'kantore' is tussen hoë boekrakke ingepas, met geen afskortings tussen-in nie — seker die voorloper van die oop-plan kantoor. My telefoon lui en die stem aan die anderkant van die lyn stel haarself aan my bekend. 'I'm Mrs Buxton from Douglas Library. I believe you are the new man, I have a problem, listen, I'm not going to close my library for stocktaking, not even for one hour, make other plans. Goodbye.' Ek skrik my boeglam, ek is nie seker wat gebeur met 'n 'stocktaking' nie en boonop praat die vrou Engels.

Dit was inderdaad 'n goeie vuurdoop want, pas uit universiteit was ek vuur en vlam vir my nuwe 'roeping' met 'n kop vol teoretiese kennis, maar gelukkig aanpasbaar vir die werklikhede en die vele uitdagings van 'n wonderlike nuwe wêreld wat op my gewag het.

Afgesien van die ietwat kwaaiëre eerste kennismaking met Douglas se bibliotekaris op my eerste dag, het ek my tyd in die Noord-Kaap geniet. Daar was 'n handboek vir streekbiblioteke waaraan ons soos die letter van die wet moes voldoen: die aantal besoeke per jaar van die boekwa aan biblioteke, hoe dikwels voorraadopnames uitgevoer moes word, voorskrifte oor die aantal 'inspeksies' van biblioteke en vele, vele meer.

In daardie tyd moes die boekwa biblioteke elke ses weke besoek. Een aand in Jan Kempdorp se hotel sê een van die ander gaste vir my: 'Jy is mos die man van die bus wat met boeke smous, hoe was jou en jou verkoopsdame se besigheid vandag?' Wat kon ek hierop antwoord? Met 'n besoek aan die naburige klein depot op Magogong stap ek nader na die voordeur van die bibliotekie toe 'n man aangedraf kom. Hy hou sy hand skuin oor sy mond en sê benoud: 'Dokter, dokter, help my asseblief, trek my tand, hy pyn baie.' Ek was ietwat verbaas, maar besef gou dat my wit stofjas (ja, ons het destyds wit jasse gedra) asook die feit dat die depot geleë is direk langs die spreekkamer van 'n tandarts wat die dorpie een keer 'n week besoek, tot sy verwarring moes gelei het.

Van boekwaens gepraat. In Aliwal-Noordstreek was ons in 1967 in die winter op besoek aan Barkly-Oos toe dit begin sneeu en die grondpad vir twee dae onbegaanbaar maak. Om 'professioneel' besig te bly, het ons toe maar 'n vervroegde voorraadopname in die biblioteek gedoen.

Dis nog nie die einde van my vele boekwa-ervarings nie. Ek moes as streekbibliotekaris in Kimberley een keer dringend saam met die senior bibliotekaris Upington toe gaan; hul boekwa het tussen Pofadder en Onseepkans omgeval. Daar aangekom lê die boekwa op die kant van die sydeur. Ek word gevra om in versengende hitte by die deur van die bestuurderskajuit in te klim en die boeke, wat nou in hope binne die boekwa opgebondel lê, by die klein dakvenstertjie uit te stoot waarna dit in 'n groot vragmotor se bak gelaai is. Mans het in daardie dae gelukkig kortbroek-safaripakke gedra, ('n komiese gesig vandag!), anders sou ek beslis nie die sauna-bad oorleef het nie. Vandag sou so 'n voorval waarskynlik as 'n ongeoorloofde arbeidspraktyk' beskou kon word.

Ek kan nog vele staaltjies vertel oor die interessante ondervindings in die Noord-Kaap.

Nuwe streekbibliotekaris het altyd vir die eerste paar weke in Kimberley begin vir hul praktiese opleiding en is daarna na hul onderskeie streke. 'n Deel van die praktiese opleiding was oor hoe om na die streek se stasiewa om te sien. Ek staan saam met die nuwe streekbibliotekaris vir De Aar in ons kantoor se agterplaas en wys haar waar die motor se noodwiel sit, asook hoe om dit om te ruil in geval van 'n pap band. Sy sou oor 'n week hierna diens in De Aar aanvaar en vir die eerste keer biblioteke per motor besoek. Toe ek weer gewaar, hoor ek hoe mense lag. Wat ek vergeet het, is dat die agterplaas van ons gebou waar die motor geparkeer staan, direk langs 'n hoë kantoorgebou was en tientalle werkers by hul vensters uithang en die petalje tot groot vermaak dophou. Ses maande daarna is ek saam met haar in die streek se stasiewa op besoek aan biblioteke in haar streek. Op die lang grondpad tussen Prieska en Britstown kry ons 'n pap band en toe ek die noodwiel soek, is daar niks nie. Die senuagtige streekbibliotekaris sê sy het vergeet om dit te 'tjek,' maar gelukkig kom 'n verbygaande polisievoertuig tot ons redding.

Oudiovisuele materiaal was 'n integrale deel van die openbare biblioteek se diens, waarvan films ewe belangrik was. Die Noord-Kaapse filmdiens is vanuit die filmoteek in Kimberley gelewer en personeel is aangemoedig om dié diens te bevorder. Tydens elke toer is 'n paar filmvertonings in dorpie gehou. Dit was natuurlik jare voor die koms van televisie.

Een dag word ons deur die bibliotekaris van Floukraal, 'n klein depot in die berge tussen Dordrecht en Barkly-Oos, gevra om 'n filmvertoning te kom hou tydens hul jaarlikse afsluitingsfunksie. Al die omliggende plaasbewoners sou teenwoordig wees. Sy benadruk dat hulle nie oor elektriese krag beskik nie, maar weet ook dat die Biblioteekdiens kragopwekkers het. Ons bestel die films betyds vanaf Kimberley en voor ons vertrek laai ons die swaar kragopwekker wat in die sy-kant van die boekwa inskuif, in die stasiewa. Ons moes natuurlik vooraf seker maak vir genoeg brandstof in die kragopwekker. By Floukraal aangekom help 'n paar mans my om die swaar opwekker 'n entjie van die klein saaltjie op die enigste stukkie gelyk grond neer te sit. Weens die geraas wat dit maak, moet die opwekker 'n redelike afstand van die gehoor wees — gelukkig het ons lang elektriese koorde gehad. Ons maak alles reg en ek gaan uit en kry die opwekker aan die gang. Die 'vertoning' het skaars begin, of die krag is af. Toe ek buite kom, sien ek die opwekker het weens sy vibrasie al langs die bult af begin beweeg en die verbindingskoord het losgeraak. Die enigste oplossing was dat 'n persoon vir die duur van die vertoning langs die opwekker moes staan, met sy voet daarop, en sorg dat die klippe wat

rondom gepak is, in plek bly sodat die opwekker nie weer die pad met die bult af vat nie.

Op 'n keer vergesel ek as hoofbibliotekaris mnr Morris, die direkteur, op besoek aan openbare biblioteke in die Noord-Kaap. By Olifantshoek aangekom wag 'n boodskap vir my. Ek moet die polisiekantoor in Koopmansfontein dringend skakel. Kimberley streekbiblioteek se stasiewa het op die grondpad om 'n draai gegly en omgeval. Die twee personeellede wat op pad was vir 'n voorraadopname, is gelukkig nie beseer nie, maar die ene trane omdat die laaitjies met kaartjies vir die voorraadopname wat in die motor was, uitgeval het en die sterk Augustus-wind het baie kaartjies glo weggewaai. Ek het hulle probeer geruslet en die nodige reëlins getref, alles binne hoorafstand van die direkteur: sy voorspelbare heftige reaksie op 'onverantwoordelike personeel' was te wagte.

Een van die take op ons pligstaat was om 'vakkundige voorligting' aan openbare bibliotekarisse te verleen. Die meeste nuwe streekbibliotekarisse het nie juis geweet hoe dit agter die toonbank van 'n openbare biblioteek gaan nie en nog minder wat hul rol as vakkundige voorligters inhou. Dit moet ook in gedagte gehou word dat die meeste openbare bibliotekarisse destyds oor geen naskoolse opleiding beskik het nie. Dit was een van my doelstellings om aandag aan hierdie leemte te skenk en ek het 'n handleiding, *Handboek vir openbare biblioteke* saamgestel, wat wyd gebruik is. Dit was bevredigend om kennis en praktiese ervaring terug te ploeg.

My tyd in die Noord-Kaap was 'n wonderlike, maar noodsaaklik en praktiese leerskool vir die uitdagings wat in die Kaapse hoofkantoor op my sou wag. Ek moet spesiaal melding maak van die lojaliteit, toewyding en welwillendheid van openbare bibliotekarisse, personeel van plaaslike owerhede, maar in die besonder van ons eie personeel van alle range, wat ek nooit sal vergeet nie.

HOOFKANTOOR

Ek verhuis vanaf Kimberley na Kaapstad en aanvaar op 1 Februarie 1979 diens in hoofkantoor in die nuut-geskepte pos van assistentdirekteur — wat groot aanpassing geverg het. Dit was waarskynlik net so moeilik en ongemaklik vir die destydse bestuursspan wat bestaan het uit die direkteur en drie hoofbibliotekarisse: ek het nou 'n gebied betree wat vir baie jare ongesteurd was en vir vernuwing was dit nog nie tyd nie.

Een van my eerste groot opdragte was om in oorleg met die provinsiale regsadviseur bestaande bibliotekewetgewing te hersien en aan te pas, waar nodig. Die eerste was die Bibliotekeregulasies van 1955. Die volgende en belangrikste was ongetwyfeld die Ordonnansie van 1955, met ingrypende veranderinge: die skraping van die apartheidsklousule, asook ook om die provinsiale bibliotekadviesraad se samestelling meer verteenwoordigend te maak. Die nuwe wetgewing het dit, onder andere, nou moontlik gemaak om die bibliotekgebou-subsidieskema na alle gemeenskappe uit te brei.

My bestuurspos in hoofkantoor het ook behels dat direk met politici geskakel word. Antwoorde op navrae en klagtes van die publiek en plaaslike owerhede en bydraes vir toesprake was aan die orde van die dag — daar is, byvoorbeeld, 90 nuwe bibliotekgeboue in die tydperk 1976 tot 1985 geopen, die meeste daarvan deur politici waarvoor bydraes vir toesprake verweg is.

Wanneer die begrotingsdebat in die destydse Provinsiale Raad ter tafel gelê en gedebatteer is, moes ons teenwoordig

wees. 'n Paar uur voor die Bibliotekediens aan die beurt kom, moes ek en die direkteur reeds bo in die klein openbare gallery ons plekke inneem, maar net voor die Bibliotekediens aan die beurt kom is ons af na die amptenaarslosie, reg agter die banke van die Administrateur en die vier Lede van die Uitvoerende Komitee. Terug na die klein gallery: Di Bishop van die Progressiewe Party was destyds hul woordvoerder oor biblioteke en sy was 'n skerp debatteerder. Wanneer sy die Bibliotekediens se jaarverslag uithaal en daardeur begin blaai, het Mnr Morris ongemaklik op die bank begin rondskuif. Hy het soms sy hand in sy baadjie se binnesak gesteek en ongemerk sy asmapompie gebruik en gesê: 'Ek voel nie lekker nie, jy kan mos daai vrou hanteer.' Dit was gewoonlik nie moeilik om vrae in die debat oor die Bibliotekediens skriftelik te beantwoord nie. Hierdie antwoorde moes binne minute aan mnr Willem Bouwer, Lid van die Uitvoerende Komitee vir Biblioteke, aangegee word, wat dit dan hardop aan die vraesteller in die Raad voorgelees het.

Die spreekwoord lui dat daar niks nuuts onder die son is nie en dit is juis van toepassing noudat ontlastingsstrooiery deur ontevredeenes aan die orde van die dag is. Een van die senior personeellede in hoofkantoor het vermoed dat hul busbestuurder bedags, wanneer hy nie die bus bestuur nie en pligte op kantoor moes verrig, met bedrywighede buite die kantoor besig was — 'n 'alternatiewe' werk. Vroeg die oggend nadat hy gekonfronteer is, kom die betrokke senior personeellid na my kantoor en rapporteer dat menslike ontlasting voor haar kantoordeur geplaas is. Toe die Bibliotekediens se administratiewe beamppte die betrokke busbestuurder konfronteer, het hy bedank. Hierdie 'onwelriekende' insident was een van die minder aangename voorvalle.

Een van die mees komiese voorvalle in hierdie tyd was tydens 'n besoek van 'n afvaardiging van die nasionale bibliotek van Transkei. Transkei was destyds 'n 'onafhanklike land' en die twee belangrike besoekers is vanselfsprekend met die nodige gasvryheid verwelkom en rond gewys. Na 'n paar minute in die direkteur se kantoor sien ek hulle begin verveeld raak, hulle skuif rond op hulle stoele en kyk eers na die vloer en dan na die mure van die kantoor. Mnr Morris word so tussendeur sy statistiek oor die Bibliotekediens ewe skielik onderbreek met 'n onverwagte vraag: 'Sorry sir, what is your salary and what is the size of your office?' Die direkteur word bleek en al wat hy uitkry, is: 'Sorry, you will have to excuse me, I have to go, this man will answer all your questions.' Dit was werklik snaaks.

DIREKTEUR

Ek het op 1 Augustus 1985 direkteur geword toe mnr Morris aan die einde van Julie uitgetree het.

Dit is dalk nodig om die bestuurstyl van die voorafgaande twintig jaar wat as 'uiters versigtig' en 'konserwatief' beskou is, in perspektief te stel. Mnr Morris is in 1964 aangestel nadat dr Theo Friis, die vorige direkteur, bedank het tydens 'n ondersoek in 1963 na 'beweerde onreëlmatighede aangaande die Bibliotekediens'. Volgens bevindings in die ondersoek het hy die 'Provinsiale Bibliotekediens aansienlike skade berokken' en 'die oortredings wat hy begaan het, was van ernstigste aard, ofskoon, wat sy eie voordeel betref, nie van 'n aansienlike omvang nie.' 'Die dryfveer was sy grenslose ambisie soos verpersoonlik deur sy aangryping van status-simbole.'

Na die ondersoek het die Provinsiale Administrasie verskeie beheermaatreëls spesifiek van toepassing op die

Biblioteekdiens, ingestel, waaronder gereelde verslaglewering aan die Administrateur oor die aankoop van biblioteekmateriaal. Al hierdie beperkings is aan die einde van 1985 opgehef.

Dit was nou die aangewese tyd om finaal onder die skadu van die Friis-debakel uit te kom want uitdagings en geleenthede was onbeperk. Dit was natuurlik nie sonder enkele laagtepunte aan die einde van my loopbaan nie.

Biblioteekgebruik en aanvraag vir nuwe boeke het vinniger toegeneem as waarin voorsien kon word. Die provinsiale owerhede het simpatiek gereageer nadat die knelpunte onder hul aandag gebring is en binne vyf jaar is die begroting van die Biblioteekdiens met meer as 200% verhoog. Dit het gelei tot dramatiese uitbreidings: personeelgetalle is op alle vlakke versterk, die instelling van nuwe openbare biblioteekdienste is versnel en op hoofkantoor is 'n nuwe inligtingsdiens met 'n biblioteek ingestel, asook 'n navorsings- en beplanningsafdeling – uiteraars doeltreffende nuwe dienste. Waar 284,000 nuwe boeke in 1985 aangekoop is, het hierdie syfer in 1988 meer as verdubbel tot 691,000 en het dit vir die volgende aantal jare meer as 600,000 beloop.

So tussendeur die bedrywighede op hoofkantoor was daar ook ligter oomblikke. Ek vergesel mnr Deon Adams, die LUK vir biblioteke, op besoek aan Burgersdorp vir samesprekings met die plaaslike owerheid vir die instelling van 'n tweede openbare biblioteek. Weens die LUK se druk program kon hy nie die lang rit per motor onderneem nie en ek word versoek om te reël vir vliegkaartjies na Bloemfontein, asook om 'n motor op die lughawe te huur. Soos versoek deur sy sekretaresse, moes dit 'n 'BM' of 'n 'Merc' wees, hierdie keer was dit 'n 'BM.' Ek bestuur die motor vanaf Bloemfontein se lughawe en word versoek om 'voet in die hoek te sit': ons mag nie laat vir die vergadering wees nie. Net voor Reddersburg word ons deur 'n verkeersbeampte voorgekeer – ons het glo die spoedgrens oorskry. Ek klim gou uit en verduidelik aan die beampte dat ek die motorbestuurder van die Minister van Biblioteke in Kaapland is en dat ons 'n dringende afspraak moet nakom. Die arme man skrik hom boeglam, druk sy boekie vinnig terug in sy sak, buk vriendelik oor na die LUK se kant en wens hom 'n voorspoedige rit toe.

Opleiding het hoë prioriteit geniet en afgesien van die standaard-opleidingsprogramme was daar spesiale hoogtepunte. Vir die Biblioteekdiens se eie personeel is verskeie inligtingseminare aangebied waaronder een oor strategiese beplanning. Vir openbare bibliotekaris was die hoogtepunte 'n seminar *In diens van die gemeenskap* en nasionale simposiums soos *Jaar van die Leser* in Bellville se biblioteek en *Inligting vir almal* by die Waterfront, Kaapstad. By albei simposiums was internasionale sprekers betrek en albei is deur die administrateur van die provinsie geopen. 'n Reeks simposiums vir stadsklerke en verteenwoordigers van plaaslike owerhede is dwars oor die provinsie gehou waarin die verantwoordelikhede van alle rolspelers ten opsigte van openbare biblioteke breedvoerig bespreek is.

'n Uiteraars belangrike mylpaal is in 1990 bereik, toe goedkeuring na jare lange onderhandelings en ondersoeke uiteindelik verleen is om die Biblioteekdiens toe te laat om te rekenariseer. Die destydse Staatsdienskommissie in Pretoria wou nie ons aanvanklike versoek goedkeur nie. Twee ander provinsiale biblioteekdienste het reeds oor 'gerekenariseerde stelsels' beskik en ons is versoek om hulle stelsels te oorweeg. Hierdie 'stelsels' was inderwaarheid niks meer as 'n

gerekenariseerde katalogus nie en was nie aanvaarbaar nie. Ons het aangedring op 'n allesomvattende stelsel wat ook openbare biblioteke insluit en ons versoek is aanvaar nadat ons talle kere Pretoria toe moes reis vir motiverings.

Die Biblioteekdiens se eerste groot deurbraak in bemarking het in 1988 gekom ter ondersteuning van die veldtog *Ontdek 'n nuwe wêreld in jou biblioteek*. Vir die eerste keer ooit is twee uitgawes van die **Kaapse Bibliotekaris** in volkleur uitgegee en die Biblioteekdiens se plakkate en ander brosjures is selfs na die ander drie provinsiale biblioteekdienste versprei. Dié opwindende veldtog se hoogtepunt was ongetwyfeld die redakteur van die **Kaapse Bibliotekaris** se deelname aan 'n televisieprogram. Die daaropvolgende jaar is opgevolg met 'n ewe suksesvolle televisie-uitsending oor die viering van openbare Biblioteekweek in ons provinsie en die Biblioteekdiens se bemarkingsmateriaal is weer landwyd gebruik. Hierna was dit bykans vanselfsprekend dat die Biblioteekdiens bemarkingsmateriaal namens die hele land beplan vir die jaarlikse viering van Biblioteekweek. Die sukses van al hierdie bemarkingsveldtogte word duidelik gestaaf deur groeiende ledetalle en sirkulasie: jaarlikse boeksirkulasie het binne agt jaar met 46% tot meer as 22 miljoen toegeneem en biblioteke se ledetal met 34%. Die Biblioteekdiens het ook wye lof en erkenning ontvang van politici, senior amptenare en selfs van talle biblioteke in die buiteland.

Dié beplanning het vereis dat diep gedelf moes word vir idees, selfs tot in die stort. Een dag kom die hoof van die publikasie-afdeling by my kantoor ingestorm, en sê ewe kordaat: 'Asseblief, 'n vriendelike versoek, gaan huis toe en stort sommer vir lank, ons soek dringend idees vir 'n plakkaat.' (Ek het onthou dat ek een keer vir haar genoem het dat ek 'n idee vir 'n plakkaat gekry het terwyl ek onder die stort gestaan het!)

Afgesien van mev Martha Olckers, die Minister van Onderwys en Kultuur, se mislukte Westag-onderzoek, was die laagtepunt van my loopbaan ongetwyfeld toe die Biblioteekdiens 'verdeel' moes word en hoe hierdie proses afdwing is. Na die algemene verkiesing in 1994 is Kaapland in vier nuwe provinsies verdeel: Wes-Kaap, Noord-Kaap en Oos-Kaap, terwyl 'n klein gedeelte by die nuwe Noord-Wes provinsie ingedeel is. Daar is besluit dat bevolkingsgetalle die basis van verdeling van die Kaapse Provinsiale Administrasie moes vorm. Hierdie formule was uiteraars diskriminerend teenoor die Wes-Kaap, wat opdrag ontvang het om 45% van sy poste op hoofkantoor aan die ander nuwe provinsies af te staan en het dramatiese en bykans rampspoedige gevolge gehad, vir personeel sowel as dienslewering. Die moraal en onderstromings wat hierdie ontwrigting tot gevolg gehad het, was traumaties.

Ten spyte van direkte skriftelike verdoë en persoonlike besoeke aan die Direkteur-Generaal, Mev Olckers en Premier Hrnus Kriel, is paai-beloftes gedoen vir bykomende personeel – dit het ongelukkig net by beloftes gebly en die biblioteekdiens is bykans aan sy eie lot oorgelaat. Om die gevoel in daardie stadium op te som, haal ek aan uit my brief van 29 Mei 1995 aan die Direkteur-generaal: 'Die formule van verdeling was uiteraars diskriminerend teenoor die Wes-Kaapse Biblioteekdiens. In ooreenstemming met standaard praktyke en veral in die gees van die huidige tydperk van deursigtigheid is aanvaar dat daar met rolspelers oorleg gepleeg sou word voordat enige besluit met verrykende gevolge vir die direkte rolspeler geneem word. Die Biblioteekdiens is egter heeltemal

oor die hoof gesien.’

Agterstande in hoofkantoor het krisafmetings begin aanneem en openbare bibliotekaris en selfs vrywilligers van buite die beroep het kom help om onder andere nuwe boeke uit te pak. Die voorbladberig van die *Argus* op 20 Januarie 1996 met ’n foto waar ek besig is om boeke uit te pak om te help om die bibliotekediens se agterstande te probeer inhaal, was teleurstellend. Die hoofopskrif het gelui ‘CAPE LIBRARY CHAOS’ en onderskrif ‘Angry staff would like to see the book thrown at management for their handling of the crisis’. Ek was nie bewus van ’n fotograaf wat foto’s geneem het terwyl ek boeke uitgepak het nie, nog minder van enige onderhoud wat ek toegestaan het nie. In die berig word ek aangehaal, asook van een van die bestuurslede van die Bibliotekediens met selfs kommentaar en aantying deur ’n voormalige personeellid. My besluit om daardie bepaalde oggend boeke uit te pak, het ek op die ingewing van die oomblik geneem en dit was nie moeilik om die bibliotekediens se ‘*Argus*-informant’ op te spoor nie. Die administratiewe beampte het destyds rekenaaruiddrukke ontvang van alle telefoonoproepes vanuit die hoofkantoor, die tyd wanneer dit gemaak is sowel as tydsduur sodat geld ingevorder kon word vir privaatoproepes. Dit is selde dat ’n bibliotekaris die voorblad van ’n koerant haal en ek glo dat ek en Theo Friis se gedeelde ‘rekord,’ lank sal staan.

Terug by politici. Mev Olckers het nie teenstand geduld nie. ’n Paar dae nadat sy ’n prestige-uitstalling van Suid-Afrikaanse grafiese werke uit die Bibliotekediens se sentrale versameling in Bellville se kunsgalery amptelik geopen het, bel een van haar sekretaresses my met die versoek dat ‘Mevrou’ 70 skilderye vir haar kamers wil hê.’ Sy het haar oog waarskynlik op die pragtige werke gehad wat sy by die uitstalling gesien het. Ek sê vir die sekretaresse dat die kunswerke vir uitstalling in biblioteke bedoel is, maar dat sy dit vir ses maande kan leen, waarna dit omgeruil sal moet word en ook dat daar ’n kennisgewing by die werke aangebring sal moet word dat dit vir bibliotekuitstallings geleen kan word. Ek kry kort hierna ’n oproep van Mev Olckers: ‘Hoe durf jy voorwaardes aan my stel, ek klim sommer in my kar en gaan sien jou reg.’ Ek wonder tot vandag toe nog wat so ’n ‘regsiening’ sou behels!

’n Mens moet nooit die humorsin van ’n ernstige besoeker onderskat nie. Ek ontvang een dag besoek van ’n belangrike gas (hy was moderator van die kerk). My sekretaresse nooi hom binne en terwyl ons met samesprekings besig is, vra die sekretaresse of ek sal omgee, ’n personeellid (die redakteur van die **Kaapse Bibliotekaris**) wil graag dringend iets met my bespreek. Toe sy uitstap, sê die eerbiedwaardige dominee droogweg, maar met ’n vonkel in die oog: ‘Man, waar kry jy al die aantreklike vrouens wat hier werk, ek het lanklaas sulke mooi en boonop vriendelike dames gesien.’ Die sekretaresse was die mooie Mathilda en die ander aantreklike personeellid, ek het haar naam vergeet, maar glo dat sy vandag steeds die redakteur van die **Kaapse Bibliotekaris** is, o ja, nou onthou ek, dit is Grizell.

Die Bibliotekediens was in 1997, aan die einde van my loopbaan, waarskynlik een van die mees positief-sigbare instellings binne die Wes-Kaapse Administrasie met die grootste bewese steun, nie alleen uit alle ouderdomsgroepe nie, maar ook deur alle lede van die bevolking. Altesaam 27% van die Wes-Kaapse bevolking was geregistreerde biblioteklede, maar met slegs 9% van die land se bevolking,

het die Wes-Kaap oor 20% van alle openbare biblioteke in die land beskik en oor 26% van alle biblioteklede in die land.

Die grootste hoogtepunt waarop ’n mens kon hoop, was vir my om vir 31 jaar lank aan die provinsiale bibliotekediens verbonde te kon wees. Dit was nie alleen ’n stimulerende loopbaan nie, maar amper ’n stokperdjie wat ek geniet het. Spesiale erkenning moet aan die personeel van die bibliotekediens gegee word, want sonder hul ondersteuning, toewyding en lojaliteit sou geneen van die hoogtepunte ooit bereik kon word nie.



Johan Swiegelaar

Oud-Direkteur: Bibliotek- en Argiefdienste

Merkwaardig, nie alleen dat die **Kaapse Bibliotekaris** en die Wes-Kaapse Bibliotekediens reeds 60 jaar oud is nie maar dat die tydskrif sekerlik die beste vaktydskrif vir openbare biblioteke in Suid-Afrika is. Ons weet dat dit ook erkenning geniet buite ons landsgrense.

Wat sou hoogtepunte vir my wees in ’n 33 jaar lange verbintenis met Provinsiale Bibliotekdienste?

sy skoolwerk, begin swem vir die skool, maar hou gou weer op. Sy vriende voel verwaarloos en sy isolasie en afsondering neem net toe. Sels e-posse aan sy ma delete hy en word nooit gestuur nie. Hierin word van sy emosies so mooi uitgebeeld ... Maar dan misluk sy poging om die meisie Nadi se Opel te steel toe hy ontdek dat sy nog in die motor is. Sy verloor haar beursie in haar haas om weg te kom en hy probeer haar opspoor. So begin 'n vriendskap waaruit albei baat vind — sy kan gesels oor haar ma se siekte en die ryk mense in wie se agterplaas hulle bly. Hy is getroos deur haar aanvaarding van hom en sy probleem. Maar die risiko wat hy loop met die motors moet die een of ander tyd verkeerd loop. Hy word gevang en uit die skool geskors. Hy kry in dié tyd die geleentheid om met 'n sielkundige te gesels en op sy studies te konsentreer. Dit word 'n suiweringsproses waardeur die verhoudings tussen die verskillende karakters verbeter en baie sake opgeklaar word. Vanaf die treffende inleidende kort paragraaf besef jy hierdie gaan 'n juweel van 'n jeugboek wees! Jurie is 'n werklike karakter

en jy word toegelaat om hom behoorlik te leer ken. Dit gebeur in 'n teks deurtrek met fyn waarneming, treffende dialoog, verrassende voorvalle, goed gebalanseerde karakterisering en interaksie tussen die karakters wat deurgaans oortuig en met groot gemak en 'n juiste aanslag verhaal word ... Sy pa en sy vriende is geloofbare karakters ... Sy skryfstyl is deurspek met treffende beskrywings en raak kommentaar wat getuig van 'n bedrewe talent. **Bambaduze** is Derick van der Walt op sy beste. Mooigedaan. Dit behoort 'n suksesvolle teksboek vir hoërskole te word en moet in biblioteek- en tuisversamelings 'n tuiste vind. LG

WIERENGA, Jelleke

Moord per suurlemoen.- Tafelberg, 2014.

Vanaf die eerste inleidende paragrawe besef die leser dat hierdie 'n opwindende leeservaring gaan wees! Bruno en sy suster Brunhilde is so gefrustreerd met die twee bluffers van formaat — die buurvrou se honde — dat hulle besluit dit is nodig om met die



hulp van 'n vrag suurlemoene die twee stil te kry. Maar die idee was nou regtig nie om die buurvrou in die proses dood te gooi met 'n suurlemoen nie! Impulsief besluit die twee dadelik dat hulle sal moet vlug. En hul getroue vriend Ben word ook betrek. Sy broer se geliefde Gold Wing-motorfiets moet die drie na die naaste veilige dorpie bring. Hier vind 'n wonderbaarlike transformasie van die drie tieners plaas — hulle doen hulle voor as Russiese akteurs en gaan tuis in die gastehuis die

Groen Lantern. Sersant Japie Kleynhans van die plaaslike polisie is dadelik verlief op die bekoorlike Russiese prinses. Maar die eenaar van die Groen Lantern het gou ander planne met die drie — Brunhilde is volgens hom die dogter van die legendariese dwelmkoning Pappie, vergesel van haar twee luitenant. En hierdie is 'n geleentheid vir die klomp dwelmandelaars om hul netwerk uit te brei! **Moord per suurlemoen** is 'n waardige wenner van die Sanlam Silwermedalje vir Jeuglektuur. Die skrywer praat die taal wat tieners sal geniet. Die teks is deurspek met humor en kwinkslae en die drie jongmense se vermommings en lawwe idees om die moeilike situasies te fnuik, sorg vir lekker en opwindende leesstof. Tieners sal wens hulle kon ook in so 'n situasie beland! Bruno as verteller beïndruk met sy skerp waarneming van situasies en karakters ... Die teks is gevul met oorspronklike beskrywings van die omgewing, die inwoners van die dorpie, die Groen Lantern se personeellede, die Negosiegat waar hulle hul verskeie kostuums aanskaf, en die ete in die

restaurant, die Goue Pampoer. Hier is geen geleentheid vir die leser om verveeld te wees nie. Juis die gedagte dat twee tieners kan aanvaar dat hulle die buurvrou doodgegooi het met 'n suurlemoen en dus van moord aangekla gaan word, maak die hele leeservaring een van groot absurde aweregse lekkerte. Aanbeveel vir biblioteek-, skool- en tuisversamelings. LG

JUVENILE NON-FICTION JEUGVAKLEKTUUR

WASSERMAN, Elizabeth

Professor Sabatina se wetenskapboek / illustrasies deur Astrid Castle en Rob Foote.- Tafelberg, 2015.

Kinders bekend met die *Anna Atoom*-reeks sal weet dat Anna en Pip se ma die wetenskaplike Professor Sabatina Atoom is. In haar wetenskapboek

met volkleur illustrasies deur Astrid Castle en Rob Foote, verduidelik die professor prakties hoe wetenskaplike begrippe oorgedra kan word deur dertig eksperimente, wat met bestanddele uit die kombuis gedoen kan word. Kinders kan sodoende op 'n ontspanne manier meer leer oor swaartekrag, temperatuur, water, magnete en elektrisiteit, lig en energie, en chemiese reaksies. Voorbeelde van die eksperimente is: hoe swaartekrag werk, hoe 'n vliegtuig in die lug bly, hoe magnete werk, en waarom sommige voorwerpe op water dryf, terwyl ander sink. Elke onderwerp word vergesel deur probleemstellings, eksperimente, wetenskaplike verklarings, hoe dit in die alledaagse lewe toegepas kan word, asook vrae wat lesers aanmoedig om bietjie verder oor die onderwerp te dink. Hierdie is voorwaar 'n groot aanwinst vir Afrikaanssprekende jongmense. Dit moedig kinders aan om te dink, hul verbeelding te gebruik, en om praktiese probleme op te los en te leer op 'n prettige manier. SSJ




JUVENILE FICTION JEUGLEKTUUR

MOODIE, Fiona

Noko en die Koel Katte / Afrikaanse vertaling deur Louise Steyn en Philip de Vos.- Tafelberg, 2014.

Die Engelse titel *Noko and the Kool Kats* deur Fiona Moodie het

onlangs die M.E.R. Prys vir geïllustreerde kinderboeke gewen. Die boek is in Afrikaans vertaal deur Louise Steyn en Philip de Vos. Sommer met die eerste oogopslag het ek opgewonde geraak toe ek die boek sien. 'n Groot duursame hardeband prenteboek met die *coolste* omslag van dansende koel katte met sonbrille teen 'n oranje Afrika agtergrond wat dadellik die aandag trek. En die storie en verdere illustrasies het ook nie teleurgestel nie. Die agt dierevriende het die heeldag mielies geplant en koel nou af langs die rivier. Mara Boe die adjudantvoël haal 'n stuk koerantpapier tussen die riete uit. Hulle lees dat die Koel Katte 'n rock-konsert in die stad hou en hulle almal wens hulle kon die konsert bywoon. Dit sal soveel interessanter wees en meer pret as hier op hul klein dorpie. Maar op pad huis toe wag daar 'n groot verrassing. Die Koel Katte se groot bus het in die sand vasgeval en hulle is knorrig. Noko-hulle help die spul om hul bus uit die sand te grawe, maar dit neem 'n hele dag van harde werk. Die Koel Katte is verplig om nog 'n nag



daar oor te bly. Maar watter wonderlike ervaring word dit nie vir al die diere nie! Die boek laat my regtig sprakeloos. Hoe om in 'n resensie reg te laat geskied aan Fiona Moodie se illustrasies wat elke bladsy vul met kleur en besige, betrokke diere teen 'n agtergrond van bome en bosse, wat die leser betower met die lekker gevoel van iets eg uit Afrika — ryk kleure van geel en oranje in die illustrasie van die Koel Katte

se bus; donker bome die aand van die konsert teen die oranje horison afgeteken. Elke bladsy is 'n lees- en kykgenot. Die boek word sterk aanbeveel — veral vir voorlees en selflees vir 3- tot 6-jariges en ouer. Hierdie is 'n juweel en die skryfster het haarself regtig oortref. Baie geluk met 'n baie spesiale boek. LG


MURRELL, Belinda

Lulu Bell en die pikkewynfeetjie / geïllustreer deur Serena Geddes; vertaal deur Maritha Snyman.- Struik Kinderboeke, 2014.

'Lulu Bell is agt jaar oud. Sy geniet elke oomblik van haar lewe, maar is soms bietjie baasspelerig. Haar sussie, Vera, is ses en dra graag engelvlerke en skoene wat skitter. Haar driejarige boetie weier om enigiets anders as sy superhero-pak aan te trek — selfs in die bad! Lulu se ma is 'n kunstenaar en haar pa 'n baie besige veearts. Hulle huis is reg langs die dierehospitaal. Lulu help haar pa graag met die diere wat seergekry het en wees agtergelaat is. Dis geen wonder dat die Bells hope troeteldiere het nie. Op 'n warm dag gaan die Bell-gesin na die strand om af te koel. Lulu sien hoe 'n wegloperhond 'n waggelende klein pikkewyntjie jaag en vang. Lulu se pa moet kom help. Maar daar

is nog iets wat Lulu bekommer. Piekels, die kat, wat enige tyd moet kleintjies kry, is nêrens te vind nie ...' (www.graffitibooks.co.za)

Maritha Snyman het Suid-Afrikaanse kinders 'n groot guns bewys deur die eerste twee boekies in die *Lulu Bell*-reeks in Afrikaans te vertaal. Dit is opbouende stories wat liefdevolle familieverhoudings uitbeeld, met diere as tema sentraal tot elke verhaal. Murrell skryf met 'n warmte wat die leser dadelik intrek.



Lulu se familie word as besonder sorgsaam uitgebeeld. Die stories is toeganklik vir jonger lesers van 6- tot 9-jaar oud. Die eerste boek in die reeks is *Lulu Bell en die verjaarsdagponie*, gevolg deur *Lulu Bell en die pikkewynfeetjie*. SSJ

Siembamba: immergroen rympies vir kinders / saamgestel deur Wendy Maartens; illustrasies deur Alzette Prins.- Lapa, 2015.

As kinderbibliotekaris het ek met groot gesukkel Engelse rympies en vingerspeletjies in Afrikaans vertaal, en altyd gehoop iemand stel 'n boek saam wat ouers, bibliotekarisse en onderwysers sal help om kleuters lief vir ons wonderlike taal te maak. Want niks onthou 'n mens mos beter as daardie rympies, raaisels, tongknopers, gebedjies en slaapliedjies van jou kinderjare nie. En hier word *Siembamba* gepubliseer met die volledigste versameling van kinderrympies en versies ooit. 'n Lys van erkennings en bronne word gegee, en skrywers soos CJ Langenhoven, PW Grobbelaar, DJ Opperman, Van Bruggen en nog vele meer se werk vind hier 'n tuiste. Dit is die heerlikste boek vir elke gesin;




noodsaaklik vir skool- en biblioteekversamelings; en oumas en oupas moet maar die sak skud om dit vir die kleinkinders te koop as geskenke. Dertien hoofstukke met opskrifte soos *Duimpie Dikkedoor*, *Vrot tamatie*, *Lekker konfyf*, *Jorsie Worsie en sy maats*, *Allawiek*, *allawak*, *Husse met lang ore*, *Sarel Marais het 'n eier gelê*, *Sing is 'n lekker ding* en *Doedoe, ogies toe*, maak jou nog meer lus om verder te lees. Dan is daar as bonus die illustreerder Alzette Prins se vrolike, lewenslustige en kleurvolle illustrasies wat die boek as geheel 'n pragboek maak. Haar

aanvoeling vir die kind se verbeeldingswêreld is 100% in die kol. 'n Groot dankie vir 'n boek wat 'n mens met groot vreugde kan koester en geniet. LG

STEWART, Amber

Dapper klein mol / illustrasies deur Layn Marlow; in Afrikaans vertaal deur Elze le Roux.- Struik Lifestyle, 2014. 'Minka is 'n klein mol. Sy's mal oor avontuur en lief om nuwe dinge te ontdek ... behalwe as dit by kos kom. Minka wil niks anders as bessies eet nie! In hierdie prettige storie vind Minka se Mamma en Pappa 'n manier om haar nuwe kossies te laat eet en nuwe smake te ontdek. Want sy is mos die dapperste mol in die molsgat!'

Struik Lifestyle, 'n drukkersmerk van Random House Struik, het onlangs agt boekies met oulike dierekaraktertjies wat jong lesers belangrike lessies leer, uit Engels in Afrikaans laat vertaal deur Elze le Roux. Die illustreerder is Layn Marlow. Uitgewer se opsomming: 'Elke dierekaraktertjie in die boekies het 'n grootwoord-uitdaging wat deurgemaak moet word. Die karaktertjies oorkom grootwoord-vrese, leer om dapper te wees en leer ook allerlei lewenslessies oor verskeie temas soos vriendskap en familiewaardes tydens hul uitdagings. Die temas in elke boekie is universeel van aard en ouers, sowel as kinders, sal maklik daarmee kan identifiseer. Hierdie boekies sal 'n lekker, leersame ervaring vir jong lesertjies verseker en is definitief 'n aanwinst vir die kinders se boekrak.' Die titels, geskryf deur Amber Stewart is: **Bietjie vir bietjie**; **Dapper klein mol**; **Ek lief my bersie**; **Flippers se groot tree**; **Hoeveel slabies**; en **Net soos vanaand**. **Bytjie en Beer** is geskryf deur Ann Bonwill; en **Maak gou en stadig nou** is geskryf deur Layn Marlow. Die boekies is geskik vir kinders van 3 tot 6 jaar oud. (Random House, Struik)



VAN DER VYVER, Marita

Olinosters op die dak / illustrasies deur Dale Blankenaar.- Tafelberg, 2015.

Lank en skraal en donker vertoon hierdie heruitgawe van die boek wat in 1996 gepubliseer is met illustrasies deur Piet Grobler en toé 'n MER pryswenner. Hierdie uitgawe is geïllustreer deur Dale Blankenaar, 'n voormalige student van Piet Grobler. En sal Piet nie trots wees op hierdie keurig versorgde pragboek

nie! Dit herinner aan baie van die Europese publikasies, en is 'n duidelike bewys dat ons uitgewers in Suid Afrika internasionaal kan kompeteer met die beste boeke. Daniel kuier by sy ouma en oupa en oornag daar in 'n vreemde bed. Hy hoor baie vreemde geluide, en telkens moet sy ouma of oupa hom gerusstel dat dit maar net 'n olinoster of 'n krokokoei, of 'n blouwildekameel of 'n bobberilla is — almal goeters waarvoor hy glad nie bang hoef te wees nie. Die regte leeu is toe maar net oupa se bont kat. Kinders leer hier om hul vrese in die nag te oorwin. Die humoristiese aanslag help ook. Marita van der Vyver se teks lees lekker en gerusstellend. Dale Blankenaar se donker, verbeeldingryke illustrasies versterk die gevoel van 'n donker nag met onheilspellende gedoentes wat die seuntjie bang laat voel. Sy dubbel volblad illustrasies van elke spesifieke monster is regtig baie indrukwekkend. Daar is fyn detail in elke vertrek — Daniel in 'n klein badjie oordonder deur die groot monster



met die skubberige vel; 'n beertjie wat teen die gordyn uitklim; die bobberilla met 'n snaakse sneeu-kleurige vel en blink holtes vir oë; 'n reuse leeu wat sy hele bed oordonder en net die klein seunskoppie met handjies wat sy oë toehou is sigbaar; en dan Daniel wat op die dier se rug deur die lug sweef met beertjie wat hom vanuit die huis se skoorsteen toekyk. Hy is nou baie duidelik in beheer van die situasie. Die donker kleure in die vertrek word telkens ligter as ouma of oupa hom verseker dat hy nie vir die gediertes bang hoef te

wees nie. Die boek is werklikwaar 'n kunswerk van begin tot einde. Kunsliefhebbers sal dit geniet, en kunststudente kan leer by Blankenaar, wat definitief hier werk van hoogstaande gehalte lewer. Dit is 'n boek vir fynproewers. Ook in Engels beskikbaar as **Rhinocephants on the roof**. LG

EB	Erich Buchhaus
LG	Lona Gericke — afgetrede kinderbibliotekaris en bestuurslid van IBBY (International Board on Books for Young People)
SSJ	Stanley Jonck

Note: At the time of going to press some of these titles were still on order.



Lighthouses

Beacons of hope and life by Dalena Le Roux

Ever since man has set out to sea he has created beacons to help wary mariners steer their vessels clear of danger. Many sailors and sea travellers, on seeing the friendly glow of a lighthouse from their ship, have warmed a little at this symbol of mankind's instinct to save lives. Lighthouses have a special place in the hearts of mankind, for these majestic structures have saved many lives as well as valuable cargoes from watery graves on inhospitable coastlines all over the world.

Beacons of safety shining in the night, alerting sailors to danger on sea as well as on nearby land, lighthouses have been part of the coastal landscape for thousands of years. From the earliest towers, which burned coal and wood to produce fiery signals, to today's computer-animated structures, the worldwide network of lighthouses continues to provide a vital link to safety for those who travel at sea. Seen as icons of rugged reliability and refuge, they remain symbolic of the world's maritime heritage.

Fires on land have always been visible from the sea at night. It is impossible to say when the first fire was deliberately lit at a specific place for the sole purpose of serving as a warning beacon and thus becoming the first lighthouse. Homer is quoted as saying in his *The Iliad*, (around 850 BC):

As to the eye of the mariner, whom the winds, in spite of all efforts hold far from the friendly shore, appears the light of a fire burning at a solitary spot on the summit of a mountain, so shone to heaven the flash of Achilles' buckler.

Perhaps the most famous true lighthouse in recorded history was built of marble on the island of Pharos, near the harbour entrance of Alexandria in Egypt, in 300 BC. With a height of 120m it still ranks as the tallest lighthouse ever built. Although it was completely destroyed by an earthquake in about 1350 AD, the legacy of Pharos still lives on in the root of the word for

lighthouse in many languages: *faro* in Spanish and Italian, *phare* in French and *farol* in Portuguese.

Most of the world's dangerous coastlines, including South Africa's aptly named Skeleton Coast, the Cape of Storms and the treacherous Indian Ocean shore are now adequately equipped with lighthouses. Modern lighthouses usually fulfil more than the basic function of emitting light at night and allowing its distinctive shape to serve as a marker by day. It can sound fog warnings, reflect radar signals and greatly extend its effective range by acting as a radio beacon that can be used by aircraft as well as ships.

And just as the mariners in Homer's *ILIAD* or the seamen being guided by the Pharos of Alexandria could not have imagined radio beacons or satellite navigation, there may be navigation aids in the future which we today cannot yet contemplate.









© LenDog64/flickr.com

The beautiful lighthouse and Bavarian lion at the Lindau Harbour entrance in Germany

But, whatever their form, their essential function will remain to warn travellers of danger and save lives by giving them a chance to steer their way to safety — in essence what the lighthouses we know so well have done for sailors over the centuries during the wild nights at sea.

Booklist

- Beaver, Patrick. A history of lighthouses.- P. Davies, 1971.
 Cape Agulhas lighthouse: the first hundred years, 1849-1949.
 - Bredasdorp Shipwreck Museum, 2005.
 Chadwick, Lee. Lighthouses and lightships.- Dobson, 1971.
 Hoberman, Gerald (et. al). Lighthouses of South Africa.
 - Hoberman Collection, c2009.
 Hofmeyr, Dianne and Daniel, Gina. Lights off Cape Town.
 - Maskew Miller Longman, 2001.
 Lighthouses of South Africa.- Portnet, [1991].
 Lighthouses of the world: a history of where land meets sea.
 - Chartwell Bks., 1999.
 Plisson, Philip. Lighthouses.- Abrams, 2005.
 Stevenson, David A. The world's lighthouses before 1820.
 - OUP, 1959.
 Weir, Brenda Mary. Principal lighthouses on the South African
 and South West African coasts, 1824-1960.- UCT, 1970.
 Williams, Harold. Southern lights: lighthouses of Southern
 Africa.- Waterman, 1993.
 Williams, Peter. Beacon on the rock: the dramatic history of
 lighthouses from Ancient Greece to the present day.-
 Aurum, c2001.



Begin 'n leeskring

'n Bespreking oor George Leeskring deur Rachel Williams

Leeskringe is van belang vir die vitaliteit van biblioteke. Boeke wat só bespreek word, is 'n aanduiding vir biblioteekpersoneel wat lesers se aandag aangryp. Dit is ook 'n aanduiding van verskillende genres wat tans aandag geniet en wat as onderwerpe vir bespreking dien. Leeskringe bestaan uit persone wat ingelig is aangaande leestendense en -neigings en toon vir biblioteekpersoneel aan hoe hulle hul daarop moet toespits om boeke te kies wat aangrypend en van literêre belang is. Biblioteke kan dus nie bekostig om leeskringe te ignoreer of as van minder belang af te maak nie, aangesien die persone wat aan hierdie kringe behoort, aktiewe biblioteekgebruikers is.

Hieronder volg 'n kort bespreking oor George Leeskring en sy ontstaan. Biblioteke wat nog nie by leeskringe betrokke is nie, mag moontlik 'n riglyn of twee hieruit neem.

George Leeskring het ontstaan aan die begin van 1994 toe Marietjie Kotze die leemte aan 'n leeskring geïdentifiseer het. Vanaf die eerste vergadering was daar noue samewerking met George Openbare Biblioteek. Aanvanklik was die ledetal tussen tien en vyftien lede maar tans is daar 36! Die eerste vergaderings was in lede se huise gehou en soos die ledetal gegroei het, is ander lokale gebruik totdat dit die afgelope jare 'n vaste bymeakaar-kompleks by Die Ventertjie van die ACVV wat in Victoriastraat 38 geleë is.

Die leeskring se voertaal is Afrikaans, maar is oop vir almal. Daar is huishoudelike reëls en ledesgeld word jaarliks betaal, en 'n klein bedrag gaan vir tee en toebroodjies wat tydens elke vergadering deur die ACVV voorsien word.

Lede word jaarliks versoek om teen Oktober boeke vir bespreking in die komende jaar voor te stel. Die nuwe bestuur wat in Oktober verkies word, vergader saam met ander lede om 'n program vir die volgende jaar, wat uit nege byeenkomste bestaan, saam te stel. By die keuse van boeke word verskeie genres oorweeg en romans, kortverhale, poësie en ook dramas word ingesluit. Verder word letterkundige werke van Afrikaanse, Engelse, Afrika- en buitelandse skrywers op die lys ingesluit waarvan ten minste een of twee werke pryse vir letterkunde verwerf het. Soms word die hele oeuvre van 'n skrywer behandel. Sodra die program gefinaliseer is, word 'n afskrif van die program aan die George Biblioteek gegee wat dan poog om die boeke betyds op die leeskring se rak in die biblioteek te kry. Die leeskring skaf ook self van die nuutste boeke aan wat onder die lede gesirkuleer word en aan die einde van die jaar aan lede verkoop of aan die biblioteek geskenk word. Verteenwoordigers van die George Biblioteek is ook welkom om enige tyd van die vergaderings by te woon. Van die titels wat vanjaar bespreek sal word is: **Kamphoer** deur Francois Smith; **Arctic summer** deur Damon Galgut; **Laaste dans**, Drienie deur Steve Hofmeyr; en **Transatlantic** deur Colum McCann.



Die personeel van George Biblioteek is deur lede van George Leeskring met verversings bederf toe Dr Elise Calitz die personeel van die Biblioteek toegesprek het



Dr Marié Heese, die outeur van *Vuurklip*, 'n Afrikaanse roman waarvoor sy by Woordfees 2014 bekroon is

'n Hoogtepunt in 2014 was toe Dr Marié Heese, bekroonde outeur van *Vuurklip*, as gasspreker opgetree het. Die gehoor het bestaan uit meer as 50 vroue, wat van so ver as Groot-Brakrivier af gekom het om hierdie praatjie by te woon.

Rachel Williams is die bestuurder van George Biblioteekdienste



RSS feeds – they are really simple and useful

Setting up an RSS feed from our new e-resource Library and Information Science database by EBSCOhost by Helga Fraser

Have you logged in yet to the wealth of interesting information that is available for librarians on the Library, Literature and Information Science (LLIS) database hosted by EBSCO and subscribed to by the Western Cape Library Service (WCLS)?

In the January/February issue of the *Cape Librarian* we provided a step-by-step guide on how to conduct a search on a topic that might interest you in the 170 national and international Library and Information Science (LIS) journals made available on the database.

If you have not done so yet, please ask your librarian, regional librarian or the staff at the Research Section of WCLS for the login details and discover the wealth of professional advice and information available to you on this new e-resource for LIS workers in the Western Cape. The Research Section of WCLS is currently also giving practical demonstrations on how to use the database at all Library Forums being held in the province.

In this article, as promised, we will show you how to make use of the very convenient feature of a Rich Site Summary (RSS) feed from the LLIS database.

So what is an RSS feed?

RSS stands for Rich Site Summary and – confusingly – also for Real Simple Syndication! Maybe the latter is a better description for the acronym, because what an RSS feed in essence does is to make life really simple for you by alerting you through a – for a layperson – complicated technical syndication process via your e-mail when articles on topics you are interested in are published in one of the 170 LIS journals which make up the LLIS database.

This makes it unnecessary for you, the user, to continuously manually check the database for new content. You will be notified via e-mail and given a link which leads you right into the relevant article – pretty neat, isn't it?



How do I set up an RSS feed?

When you want to set-up an RSS feed in general, the database or website you want to subscribe to has to have an RSS feed set up. All EBSCO databases and interfaces support RSS feeds. So, after you have logged into the LLIS database, type in the topic that you would like to have updates on, for example, 'Teenagers and libraries'. Once you have clicked 'enter', the drop-down list of articles from all LIS journals pertaining to this topic will appear. You can then refine your selection again on the left hand side for full text articles, images, et cetera.



Then click on the 'Share' tab in the top right-hand corner and, in the 'Create alert' field, choose the RSS tab (see our illustration for the symbol for RSS). The popup window will ask you to set up an e-mail alert and you will have to do this with a username and password, choosing the frequency, time period and format in which you want to receive updates.

Once you have submitted this, you will receive an e-mail from EBSCOhost Alert providing a link — and there you are! Click on it and you will find all the latest published articles on 'Teenagers and libraries'. Of course you can set up as many RSS feeds of topics that you are interested in.

Should you have any other queries regarding the use of the LLIS database, the 'Help' menu found in the top right hand corner is also very useful and gives guidance on any aspect of using this e-resource.

So use our new database and have fun with it — and keep up to date on developments in librarianship around the world.

Another useful feature of the LLIS database is that it provides an electronic index of articles from the **Cape Librarian** from 2004 onwards. So if you are looking for a previously published article in the **Cape Librarian**, log into LLIS, enter the keyword, and the database will give you the volume, year and issue of the **Cape Librarian** the article appeared in. Please remember that we have a complete set of all **Cape Librarians** in the Research Section and can copy or scan information for you on request.

Helga Fraser is a research librarian with the Western Cape Library Service



Hier is die **jong Afrikaanse digters!**

Die toekoms van Afrikaanse digters lyk goed deur Daniel Hugo



In die verlede kon Afrikaans hom (haar?) beroem op uitsonderlik talentvolle digters van wie op 'n jong ouderdom bundels gepubliseer is. Ek dink aan WEG Louw en Elisabeth Eybers in die dertigerjare van die twintigste eeu. Louw het reeds op 21-jarige ouderdom die Hertzog Prys vir sy eerstelingbundel gewen! En Elisabeth Eybers het haar beroemde gedig *Maria* geskryf toe sy 17 was.

Nader aan ons tyd is daar Antjie Krog, Annesu de Vos, Piet van Rooyen en Theunis Engelbrecht, maar hulle het ook

reeds in die vorige eeu gedebuteer. Met die uitsondering van Jasper van Zyl — wie se eerste bundel in 2011 verskyn het terwyl hy nog op universiteit was — lyk dit of die Afrikaanse digkuns vinnig aan die vergrys is. En ek het begin wanhoop, veral toe ek begin besef dat my generasie skrywers, die sogenaamde Tagtigers, reeds sestig is of dreig om binnekort sestig te word.

Toe, vroeër vanjaar, vra Ina van Schalkwyk my om saam met die literator en digter, prof. Bernard Odendaal, die poësie-afdeling van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se

skoleskryfkompetisie te beoordeel. Daar is ook 'n prosa-afdeling wat deur prof. Thys Human en die digter Tom Gouws behartig is. Die wenners en gekeurdes word al sedert 1970 in 'n spesiale boekie met die titel *Poort* deur die Akademie uitgegee. En in daardie eerste uitgawe van 1970 het daar ook gedigte van die einste Antjie Krog verskyn. Dit was dieselfde jaar waarin haar eerste bundel, *Dogter van Jefa*, die lig gesien het toe sy maar net 18 jaar oud was.

Wat was my verbasing en vreugde groot toe ek die inskrywings ontvang wat

van skole dwarsoor die land ingestuur is! 'n Mens hoor deesdae gereeld hoe treurig skoliere en studente se taalbeheersing is, dat daar selfs kinders is wat die skool as analfabete verlaat. Maar voor my het daar 'n stapel skryfwerk beland wat van die teenoorgestelde getuig. Wat my hoop gee vir die toekoms van die Afrikaanse letterkunde.

Die kinders (meisies én seuns) skryf hoofsaaklik oor hulle eie ervaringswêreld: skoolgaan en tienerliefde, maar ook oor godsdiens, sosiale onreg en die landspolitiiek. Alene Holder van die die Hoër Meisieskool Bloemhof op Stellenbosch haat byvoorbeeld Wiskunde met 'n passie. Haar gedig *Sin, Cos en Mozart* begin só:

*Elke dag sterf ek vyf-en-veertig minute.
In 'n dik poel van Sin, Cos en Tan
Verdrink ek in die regte en die rigiede.*

Vir Elanah Engelbrecht van die Hoërskool Jan van Riebeeck in Kaapstad is die hële skoolweek gans te lank:

*Liewe Maandag,
sal jy so gaaf wees om
vir Dinsdag te SMS om
vir Woensdag te e-pos om
vir Donderdag te sê om
vir Vrydag te BBM om
groot asseblief sy gat te roer!*

Ek het ook groot waardering vir Jemima Fouché (Hoërskool Jim Fouché, Bloemfontein) se vaardige woordspel en aanwending van 'n Bybelse verwysing in *Wys*:

*my eie wysvinger is ontsteek
deur 'n splinter
(vanaf 'n balk)
dit wys dat ek my vingerwys
moet wysig
as ek
wys wil wees*

Shaun-Connery Jansen van die Hoërskool Montagu se *First crush* bewys dat die loslit spreektaal nog springlewendig is as digterlike uitdrukingsmiddel, en dat Nathan Trantaal nie die laaste sê in hierdie verband gaan hê nie:



Sisca Julius

Foto verskaf

*Sy was my first crush ma' ons het
nooit gevry nie.
Sy was my girlfriend in the night, jy
wiet mos ... my liefdespillow.
Sy was my inspiration en my geloof,
ek't in niks anders behalwe in ha'
geglo —
Sy was net 'n crush dalk was ek te
insane, but my liefde vir ha' sal altyd
remain.*

Ek was besonder beïndruk deur Rashmika Singh van die Hoër Meisieskool Westville se minimalistiese, maar treffende verse, byvoorbeeld, *Slaaploosheid*:

*As jy
die lig sien
in die donker nag
kan jy nie
mooi drome
droom nie*

Die versoeking is groot om nog 'n handvol gedigte aan te haal, maar dit is tyd om die wenner van die *Poort*-kompetisie aan te kondig: Sisca Julius van die Hoërskool Noord-Kaap in Kimberley. In der waarheid is sy 'n dubbele wenner, want sy het ook die prosa-afdeling gewen — die eerste keer in 45 jaar dat so iets gebeur! Hier is *Hamartia*, haar wengedig:

*om te dig
was om vlees aan siel geweef te hou
en om jou lief te hê
my daaglikse brood
nou lek my bladsy leeg
aan inkkolle, die datum,
die niks
my pen wil nie lewe skep nie
afsydige alliterasie
en enjambement vereenselwig
hulle nie meer met my nie
en rympatroon troos nie
nou hys ek die wit banier
van my papier,
ek gee op
breek my pen in twee want
om te dig
was altyd om jou lief te hê
ek kort 'n reël
wat nou?*

Waar is die jong digters? In ons skole dwarsoor die land. Ek juig oor ons jeug wat Afrikaans skryf en dit goed skryf.

Dr Daniel Hugo is 'n voormalige dosent asook redakteur van literêre programme. Hy is die ontvanger van talle toekennings in die uitsaaiwese asook vir prysgehalte vertalings van literêre werke.



accessions | aanwinste

ENGLISH FICTION

Allende, Isabel. Ripper.- Fourth Estate, 2014.
Bach, Rachel. Fortune's pawn.- Orbit, 2014.
Bach, Rachel. Honour's knight.- Orbit, 2014.
Box, CJ. The highway.- Head of Zeus, 2014.
Britton, Fern. The holiday home.- Harper, 2014.
Campbell, Karen. This is where I am.- Bloomsbury, 2014.
Carpenter, Lea. Eleven days.- Two Roads, 2014.
Child, Lee. Personal.- Bantam P., 2014.
Crace, Jim. Harvest.- Picador, 2014.
Cramer, Laurence H. How to look after Bert Reynolds.- Penguin, 2014.
Daly, Paula. Keep your friends close.- Bantam P., 2014.
De Burgh, Dave-Brendon. Betrayal's shadow.- Fox & Raven Publ., 2014.
Dicker, Joel. The truth about the Harry Quebert affair.- MacLehose P., 2014.
Donoghue, Emma. Frog music.- Picador, 2014.
Ellis, Kurt. By any means.- Human, 2014.
Filer, Nathan. The shock of the fall.- The Borough P., 2014.
Galgut, Damon. Arctic summer.- Umuzi, 2014.
Goodwin, Daisy. The fortune hunter.- Headline, 2014.
Gramellini, Massimo. Sweet dreams, little one.- Alma Bks., 2014.
Greenberg, Louis. Dark windows.- Umuzi, 2014.
Heyns, Michiel. A sportful malice.- Ball, 2014.
Hoffman, Paul. The beating of his wings.- Penguin, 2014.
Hustvedt, Siri. The blazing world.- Sceptre, 2014.
Kerouac, Jack. The haunted life and other writings.- Penguin, 2014.
Koontz, Dean R. The city.- HarperCollins, 2014.
Krentz, Jayne Ann. Dream eyes.- Piatkus, 2014.
Lackberg, Camilla. Buried angels.- HarperCollins, 2014.
Lamb, Wally. We are water.- Harper, 2014.
Larsson, Asa. The second deadly sin.- MacLehose P., 2014.
Lawson, Mary. Road ends.- Chatto, 2014.
Lee, Jung-Myung. Investigation.- Mantle, 2014.
Leon, Donna. By its cover.- Heinemann, 2014.
Leonard, Fiona. The chicken thief.- Penguin, 2014.
Lewis, Luana. Don't stand so close.- Bantam P., 2014.
Lewis, Susan. Behind closed doors.- Century, 2014.
Lewis, Susan. Never say goodbye.- Arrow, 2014.
Lorimer, Penny. Finders weepers.- Umuzi, 2014.
Mackenzi, Jassy. Switch.- Umuzi, 2014.

Magee, Audrey. The undertaking.- Atlantic Bks., 2014.
McCullough, Colleen. Bittersweet.- Head of Zeus, 2014.
McHugh, Laura. The weight of blood.- Hutchinson, 2014.
McKeon, Darragh. All that is solid melts into air.- Viking, 2014.
Mggolozana, Thando. Unimportance.- Jacana, 2014.
Miller, Kirsten. Sister moon.- Umuzi, 2014.
Oates, Joyce Carol. Carthage.- Fourth Estate, 2014.
Owen, Lauren. The quick.- Cape, 2014.
Oyeyemi, Helen. Boy, snow, bird.- Picador, 2014.
Patterson, James. Private India.- Century, 2014.
Payton, Brian. The wind is not a river.- Mantle, 2014.
Persson, Leif GW. Falling freely, as if in a dream.- Doubleday, 2014.
Shalev, Zeruya. The remains of love.- Bloomsbury, 2014.
Sigurdardottir, Yrsa. The silence of the sea.- Hodder, 2014.
Smith, Tom Rob. The farm.- Simon, 2014.
Soffer, Jessica. Tomorrow there will be apricots.- Windmill Bks., 2014.
St. Aubyn, Edward. Lost for words.- Picador, 2014.
Steinhauer, Olen. The Cairo affair.- Corvus, 2014.
Thomas, Rosie. The illusionists.- HarperCollins, 2014.
Waldman, Ayelet. Love and treasure.- Two Roads, 2014.
Wallace, Stone. Black ransom.- Berkley, 2014.

AFRIKAANSE VERHALENDE LEKTUUR

Anker, Willem. Buys.- Kwela, 2014.
Aslett, Duane. Skoppensboer.- Queillerie, 2014.
Beckett, Tina. Flirtasie met gevaar.- Jacklin, 2014.
Botha, Dina. Impulsiewe besluit.- Romanza, 2014.
Carter, Charlotte. 'n Storie met 'n stertjie.- Jacklin, 2014.
Cloete, Henry Jack. Draalnoot vir 'n janfiskaal.- Queillerie, 2014.
Faye, Jennifer. Boer tot die redding.- Jacklin, 2014.

Fourie, SD. Die dooies leef.- Naledi, 2014.
Hendriks, Reinhardt. Nag in Sodom.- Harbees Uitg., 2014.
Hewitt, Kate. 'n Bereidwillige koningin.- Jacklin, 2014.
Jenkins, Jerry B. Dit is ek, Saulus.- Christelike Uitg., 2014.
Kelly, Mira-Lyn. Een maal is nooit genoeg.- Jacklin, 2014.
Lennox, Marion. Golwe van versoeking.- Jacklin, 2014.
Louw, Johan Vlok. Die sirkel van bekende dinge.- Umuzi, 2014.
Lucas, Jennie. Die sjeik se laaste verleiding.- Jacklin, 2014.
Otto, Paul E. Wat in die duister wandel.- Hartbees Uitg., 2014.
Parker, Victoria. Gestuur om hom te tem.- Jacklin, 2014.
Steyn, Alexa. Son in die suide.- Romanza, 2014.
Van Schalkwyk, Jaco. Die Alibi Klub.- Umuzi, 2014.
Van Staden, Peet. Krake.- Tafelberg, 2014.
Winckler, Elsa. Liefde sonder voorbehoud.- Romanza, 2014.
Winters, Rebecca. Die geheimsinnige Griek.- Jacklin, 2014.

JEUGLEKTUUR

Benton, Lynne. Die klipkapper.- Jacklin, 2015.
Courtauld, Sarah. Bere.- Jacklin, 2015.
Courtauld, Sarah. Goggas.- Jacklin, 2015.
Courtauld, Sarah. Paddas.- Jacklin, 2015.
Courtauld, Sarah. Uile.- Jacklin, 2014.
Davidson, Susanna. Die drie klein varkies.- Jacklin, 2015.
Davidson, Susanna. Slakke.- Jacklin, 2015.
Davidson, Susanna. Slim Hasie en die wolwe.- Jacklin, 2015.
Davies, Kate. Olifante.- Jacklin, 2015.
Davies, Kate. Vlinders.- Jacklin, 2015.
Daynes, Katie. Ali Baba en die veertig diewe.- Jacklin, 2015.
Daynes, Katie. Klein Duimpie.- Jacklin, 2015.
Dickins, Rosie. Die tower-peerboom.- Jacklin, 2015.
Ferreira, Annelie. Chuck Norris kan deel deur nul.- Tafelberg, 2014.
Firth, Rachel. Ridders en kastele.- Jacklin, 2015.
Frith, Alex. Koning Midas en die goud.- Jacklin, 2015.
Hubery, Julia. Hoera, Beertjie!- Lapa, 2014.

Jacobs, Jaco. Koebaai, gorilla.- Lapa, 2014.
 Jacobs, Jaco. Zackie Mostert en die baie beroemde hond.- Lapa, 2014.
 Jacobs, Jaco. Zackie Mostert en die meisie-moles.- Lapa, 2014.
 Maartens, Wendy. Die beste Suid-Afrikaanse spookstories.- Lapa, 2014.
 Mason, Conrad. Dinosaurusse.- Jacklin, 2015.
 Mason, Conrad. Ysbere.- Jacklin, 2015.
 Moodie, Fiona. Noko en die Koel Katte.- Tafelberg, 2014.
 Morton, Sasha. Die barmhartige Samaritaan.- Jacklin, 2014.
 Morton, Sasha. Daniel in die leeu kuil.- Jacklin, 2014.
 Morton, Sasha. Dawid en Goliat.- Jacklin, 2014.
 Morton, Sasha. Jesus word gebore.- Jacklin, 2014.
 Morton, Sasha. Jona en die walvis.- Jacklin, 2014.
 Morton, Sasha. Josef en sy jas met baie kleure.- Jacklin, 2014.
 Morton, Sasha. Noag se ark.- Jacklin, 2014.
 Morton, Sasha. Die verhaal van Moses.- Jacklin, 2014.
 Pantermuller, Alice. Wieg, wurm, wieg!- Human, 2014.
 Punter, Russell. Die bibberende pikkewyn.- Jacklin, 2015.
 Punter, Russell. Klein Griet van der Poel.- Jacklin, 2015.
 Punter, Russell. Stories van cowboys.- Jacklin, 2015.
 Reeve, Philip. Wouter en die eienaardige eilandavontuur.- Lapa, 2014.
 Sims, Lesley. Hoe olifante hulle vlerke verloor het.- Jacklin, 2015.
 Sims, Lesley. Die wensvis.- Jacklin, 2015.
 Stowell, Louie. Broer Haas en die braambessie-bos.- Jacklin, 2015.
 Viljoen, Fanie. Pleisters vir die dooies.- Lapa, 2014.
 Wierenga, Jelleke. Moord per suurlemoen.- Tafelberg, 2014.

JUVENILE FICTION

Alexander, Claire. Millie shares.- Egmont, 2014.
 Andersen, Hans Christian. The emperor's new clothes.- Jacklin, 2015.
 Andreae, Giles. Billy Bonkers and the wacky World Cup!- Orchard Books, 2014.
 Antony, Steve. The queen's hat.- Hodder, 2014.

Ardagh, Philip. The Grunts all at sea.- Nosy Crow, 2014.
 Avery, Tom. My brothers shadow.- Andersen P., 2014.
 Ball, Nate. Blast off!- Harper, 2014.
 Bennett, Elizabeth. Big and small.- Little Tiger P., 2014.
 Bildner, Phil. The soccer fence.- GP Putnam, 2014.
 Black, Holly. Doll bones.- Corgi, 2014.
 Bowles, Paula. Little Lou and the woolly mammoth.- Bloomsbury, 2014.
 Bradford, Chris. Bodyguard - Ransom.- Puffin, 2014.
 Butler, John. If your dreams take off and fly.- Orchard Books, 2014.
 Copus, Julia. Hog in the fog.- Faber, 2014.
 Corderoy, Tracey. The pesky pirate prank!- Nosy Crow, 2014.
 Davey, Owen. Laika.- Templar, 2014.
 DiSiena, Laura Lyn. Chickens don't fly and other fun facts.- Little Simon, 2014.
 DiSiena, Laura Lyn. Hippos can't swim and other fun facts.- Little Simon, 2014.
 Duddle, Jonny. Gigantosaurus.- Templar, 2014.
 Duddle, Jonny. The Jolley-Rogers and the ghostly galleon.- Templar, 2014.
 Elson, Jane. A room full of chocolate.- Hodder, 2014.
 Gaiman, Neil. The silver dream.- HarperCollins Children's Bks., 2014.
 Grant, Michael. BZRK - apocalypse.- Electric Monkey, 2014.
 Hancock, Helen. William and the missing masterpiece.- Templar, 2014.
 Jones, Diana Wynne. The islands of Chaldea.- HarperCollins Children's Bks., 2014.
 Knapman, Timothy. Mum's the word.- Hodder, 2014.
 LaFleur, Suzanne. Listening for Lucca.- Puffin, 2014.
 Landman, Tanya. Buffalo soldier.- Walker Bks., 2014.
 Larry, HI. Volcanic panic.- Hardie Grant Egmont, 2014.
 Larson, Kirby. Lucky dog.- Scholastic, 2014.
 Lewis, Gill. Scarlet ibis.- Oxford U.P., 2014.
 McCaughrean, Geraldine. The positively last performance.- Oxford U.P., 2014.
 McNally, John. The sons of Scarlatti.- HarperCollins, 2014.
 McNish, Cliff. Going home.- Orion Children's Bks., 2014.
 Millward, Gwen. Bear, bird and frog.- Egmont, 2014.
 Moodie, Fiona. Noko and The Kool Kats.- Tafelberg, 2014.

Muchamore, Robert. Black Friday.- Hodder, 2014.
 Murphy, Patricia J. Pony club.- Dorling Kindersley, 2014.
 Murray, Alison. The house that Zac built.- Orchard Books, 2014.
 O'Hearn, Kate. Valkyrie - the runaway.- Hodder, 2014.
 Pastis, Stephan. Timmy Failure - now look what you've done.- Walker Bks., 2014.
 Pinkwater, Daniel. Bear in love.- Walker Bks., 2014.
 Reichs, Kathy. Exposure.- Heinemann, 2014.
 Robertson, Fiona. Cuckoo!- Hodder, 2014.
 Rohan, Jason. The sword of Kuromori.- Egmont, 2014.
 Schreffer, Eliot. Endangered.- Scholastic, 2014.
 Simon, Francesca. Horrid Henry's sleepover.- Orion Children's Bks., 2014.
 Simon, Francesca. Horrid Henry's wedding.- Orion Children's Bks., 2014.
 Snicket, Lemony. The dark.- Orchard Books, 2014.
 Walsh, Aoife. Look after me.- Andersen P., 2014.
 Williamson, Lara. A boy called Hope.- Usborne, 2014.
 Willis, Jeanne. Supercat vs the chip thief.- HarperCollins Children's Bks., 2014.

XHOSA JUVENILE FICTION

Kekezwa, Siphon R. Ndzigwaze ngowam!- Tafelberg, 2014

Great Timeless Truths

If you don't read the newspaper you are uninformed, if you do read the newspaper you are misinformed. Mark Twain

I contend that for a nation to try to tax itself into prosperity is like a man standing in a bucket and trying to lift himself up by the handle. Winston Churchill

A government which robs Peter to pay Paul can always depend on the support of Paul. George Bernard Shaw



www.westerncape.gov.za/library



**Western Cape
Government**

Cultural Affairs and Sport